


Gebedeboek met liturgiese voorstelle



Saamgestel deur die Sinodale Eredienskommissie
van die Oos-Kaap Sinode van die NG Kerk

Opedra aan die Sinode van die Oos-Kaap

Inhoudsopgawe

Inleiding	3
Votum.....	4
Seëngroet.....	13
Wet.....	15
Verootmoediging	20
Genadeverkondiging	30
Geloofsbelydenis.....	32
Skriflesing	38
Epiklese.....	39
Nagmaal	46
Doop.....	58
Bevestiging in Ampte.....	62
Doksologie	66
Toewyding	71
Voorbidding	77
Wegsending.....	85
Dagwyding.....	88
Spesiale geleentheid	91
Bibliografie	99
Indeks volgens die Kerkjaar en spesiale geleentheid	100

Inleiding

Wanneer ‘n produk soos hierdie in mens se hand beland, is dit altyd belangrik om in ‘n paar woorde te sê wat so ‘n boekie wil wees en wat dit nie wil wees nie.

1. Dit is in wese ‘n gebedeboek. Dit wil dus die kerk help om ons lof aan God beter te bring en meer geleentheid te skep vir respons op die Woord en toewyding tot diens. Ons hoop dat dit kan gebeur (i) wanneer hierdie gebede in die formele erediens-opset ingesluit word, sowel as (ii) wanneer dit in binnekamers gebid word. Die gebede is gekies omdat hulle vir ons eerlik en opreg oorgekom het, ons tradisie verteenwoordig en diep menslike emosies voor God ontmasker. Henri Nouwen sê in hierdie verband oor gebed: “Praying is no easy matter. It demands a relationship in which you allow the other to enter into the very center of your person, to speak there, to touch the sensitive core of your being, and allow the other to see so much that you would rather leave in darkness.” (Seeds of Hope, p. 117)
2. Die boekie bevat ‘n aantal liturgiese riglyne, wat geensins volledig wil wees nie, maar voorbeelde is van nuwe maniere om nie-verbaal en met appèl op meer sintuie as net die gehoor uitdrukking te gee aan die behoeftes van ons hart. Interessant genoeg is van hierdie sogenaamde “nuwe” maniere, juis die herontdek van die “ou” maniere (vergelyk byvoorbeeld die voorstel rondom Aswoensdag).
3. Die boekie wil integriteit aan die dag lê, maar terselfdertyd nie voorgee om ‘n akademies-verfynde produk te wees nie. In beginsel beskou ons dit as ‘n werksdokument wat tot stand gekom het toe die Eredienskommissie van die Oos-Kaap Sinode as ‘n groep vriende besluit het om mekaar te help deur hulpbronne saam te gooi. In soverre dit ook die res van die kerk kan dien en stimulus kan bied tot verdere denke, is ons dankbaar.
4. Die gebede en liturgiese voorstelle moet altyd met diskresie aangewend word en aangepas word by die styl van die plaaslike gemeente se erediens. Miskien stimuleer ‘n bepaalde gebed ‘n gedagte vir ‘n preek, miskien bied dit ‘n openingsin vir ‘n origens vrye gebed, miskien bied dit ‘n nuwe perspektief op doop of nagmaal, die saak is dan reeds gedien.

Die organiseringsbeginsel wat ons gekies het, was om die gebede rofweg in te deel volgens liturgiese elemente en dan ook ‘n eenvoudige indeks te voorsien waarin die seisoene van die kerkjaar en spesiale geleentheid gereflekteer word.

Sover moontlik word die outeur van ‘n gebed of voorstel aangegee en ons hoofbronne word in die Bibliografie vermeld. Dit is egter baie moeilik om hierin volkome akkuraat te wees en ons versoek graag dat korrekte outeurs aan ons deurgegee word, sodat dit in moontlike volgende uitgawes gekorrigeer kan word.

Mag hierdie poging bydra tot die lof van God en die beweging van die kerk na die nood van die wêreld. Saam met Don Saliers glo ons dat ware liturgie die etos (karakter) van God en die pathos (nood) van die wêreld bymekaar moet bring. Mag hierdie poging daartoe bydra. Weereens voel ons saam met Nouwen: “Prayer is the way to both the heart of God and the heart of the world - precisely because they have been joined through the suffering of Jesus Christ ... Praying is letting one’s own heart become the place where the tears of God and the tears of God’s children can merge and become tears of hope. (Seeds of Hope, p. 119)

Dr Johan van der Merwe
namens Sinodale Eredienskommissie Oos-Kaap

Votum

Outeur onbekend

Liturg: Laat ons die Here prys vir sy magtige daade deur Jesus Christus ons Here.

Almal: Loof die Here, want Hy breek die sondebande.

Liturg: Laat ons die Here prys vir sy magtige daade deur Jesus Christus ons Here.

Almal: Loof die Here, want Hy breek die dood se bande.

Liturg: Laat ons die Here prys vir sy magtige daade deur Jesus Christus ons Here.

Almal: Loof die Here, want Hy stort sy liefde in ons harte uit.

Liturg: Saam met al sy kinders, loof ons God, die Vader van ons Here Jesus Christus wat sy Heilige Gees in ons laat woon.

Almal: Amen.

Outeur onbekend

Liturg: Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen ons eie pad geloop,

Almal: Here, dink aan my

Liturg: Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het hy gedra

Almal: Here, dink aan my

Liturg: Oor ons oortredings is Hy deurboor, oor ons sondes is Hy verbrysel

Almal: Here, dink aan my

Liturg: Die straf wat vir ons vrede moes bring was op hom,
deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom

Almal: Here, dink aan my

Liturg: Dit is volbring!

Almal: Amen.

Outeur onbekend

Liturg: Gees van die lewende God, werk in ons op hierdie Pinksterfees

Gemeente: Kom, Heilige Gees.

[Die Latyn: Veni Creator Spiritus (kom, Skeppergees) sou ook gebruik kon word as respons.]

Liturg: Kom en maak ons een, breek die mure van skeiding tussen u kinders af.

Gemeente: Kom, Heilige Gees.

Liturg: Maak ons harte brandend om te getuig van u oorwinning en u troos.

Gemeente: Kom, Heilige Gees.

Liturg: Vul ons met krag te midde van beproewings.

Gemeente: Kom, Heilige Gees.

Liturg: Bring u gemeente in beweging.

Gemeente: Kom, Heilige Gees.

Outeur: St Dimitrii van Rostov (17de eeu)
--

Kom, o Lig, en verlig die duister in my.
 Kom, o Lewe, en wek my uit die dood.
 Kom, Groot Geneesheer, en heel my wonde.
 Kom, Vuur van Goddelike Liefde, en verteer my sonde...
 verwarm my hart met u liefdesvlam.
 Kom, my Koning, kom sit op die troon van my hart en regeer my lewe.
 Want U alleen is my Koning en my Heer.

Outeur: Taize Gemeenskap

Heilige Gees, Skepper, U wat in die begin oor die watermassas beweeg het,
 deur U asem kry alle dinge lewe, en sonder U sterf elke lewende wese en keer terug tot niks.

Respons: Kom, Heilige Gees, kom en vul ons!

Heilige Gees, Raadgewer, deur U inspirasie het profete gepraat en opgetree;
 U het hulle met U mag beklee, sodat hulle van U woord kon getuig.

Respons: Kom, Heilige Gees, kom en vul ons!

Heilige Gees, deur U het die maagd Maria die moeder geword van Jesus Christus, die Seun van God.
 U het vir Hom 'n ideale woonplek voorberei.

Respons: Kom, Heilige Gees, kom en vul ons!

Heilige Gees, Heiligmaker, deur U toedoen, het Jesus in wysheid en genade toegeneem;
 U het die dag toe Hy gedoop is in die vorm van 'n duif op Hom neergedaal,
 sodat Hy geheilig is en met mag toegerus is as 'n betroubare getuie van die Vader.

Respons: Kom, Heilige Gees, kom en vul ons!

Heilige Gees, Ewige God, deur U het Christus ons Hoëpriester Homself as 'n onskuldige slagoffer
 oorgegee,

sodat ons van die magte van die dood bevry kon word, om die lewende God te dien.

Respons: Kom, Heilige Gees, kom en vul ons!

Heilige Gees, Beskermer, U het in tonge van vuur op die apostels neergedaal en deur hulle gepraat
 toe hulle van Christus en sy opstanding voor konings en nasies getuig het.

Respons: Kom, Heilige Gees, kom en vul ons!

Heilige Gees, Trooster, deur U word ons weer gebore as kinders van God,
 U teenwoordigheid maak ons lewende tempels en U tree vir ons in by God met woorde wat nie gesê
 kan word nie.

Respons: Kom, Heilige Gees, kom en vul ons!

Heilige Gees, Lewegewer, deur wie die hele kerk as liggaam vernuwe, gelei en geheilig word,
 U woon in ons, sodat U eendag lewe aan ons sterflike liggame kan gee.

Respons: Kom, Heilige Gees, kom en vul ons!

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle
--

Liturg: Here, u liefde reik tot in die hemel, u trou tot in die wolke.

Gemeente: Hoe kosbaar is u trou, o God!

- Liturg:** Here, u geregtigheid reik tot op die hoogste berge, die reg wat U spreek, tot in die dieptes van die see.
- Gemeente:** Hoe kosbaar is u trou, o God!
- Liturg:** U sorg vir mens en dier, o Here.
- Gemeente:** Hoe kosbaar is u trou, o God!
- Liturg:** U beskerm die mense wat by U skuil.
- Gemeente:** Hoe kosbaar is u trou, o God!
- Liturg:** In u huis geniet hulle oorvloed, U laat hulle drink uit die strome van u goedheid.
- Gemeente:** Hoe kosbaar is u trou, o God!
- Liturg:** U is die bron van die lewe.
- Gemeente:** Hoe kosbaar is u trou, o God!

Adventskrans en -kerse

Outeur onbekend

Een van die maniere om ons voor te berei op die herdenking van Christus se geboorte op Kersdag, is deur 'n adventskrans. Ons steek die kerse van hierdie krans aan om ons te herinner aan die hemelse gawes wat Christus vir ons en ons wêreld gebring het. Die adventskrans bevat 'n paar simbole om ons te help dink oor Christus en sy gawes. Die krans self is in die vorm van 'n sirkel. 'n Sirkel het geen begin of einde nie. Dit herinner ons daaraan dat daar geen begin en geen einde is aan God en aan sy liefde vir ons nie. Die lig van die kerse, wat algaande sterker word namate volgende kerse aangesteek word, herinner ons dat Jesus die lig vir die wêreld is.



Elke Adventsondag word 'n volgende kers aangesteek. Die eerste Sondag een, die tweede twee, ens. totdat op die vierde Adventsondag al vier brand. In die middel staan die groot wit Christuskers of paaskers wat altyd brand om ons te herinner dat Christus uit die dood opgestaan het.

Die vier kerse herinner ons aan elk van vier gawes wat Christus vir ons bring, naamlik hoop, vrede, vreugde en liefde.

Die kleur van die kerse is koningsblou (die kleur vir Advent). In sommige kerke is drie kerse blou of pers en een ligroos. Die ligroos kers word op die derde Adventsondag aangesteek. Dit stel 'n soort pouse voor (juis op die Sondag van "vreugde") waarin ons moed skep dat die einde van die wagtyd in sig is. Byna soos wanneer mens 'n berg uitklim en die spits nie kan sien nie, maar dan skielik in 'n oopte kom en jy sien die spits en skep moed, al is jy nog nie heeltemal daar nie. In sommige kerke word die ligroos kers op die vierde Adventsondag aangesteek en herinner dit dan dat ná die nag die dag nou breek (die herdenking van Kersdag is amper daar, die ligroos is die kleur van dagbreek en blou die kleur van die nag).

Elke Sondag in Advent:

Liturg: Jesus Christus is die lig vir die wêreld.
Liturg steek die Christuskers aan

Eerste Adventsondag

Liturg:

Die eerste adventskers is die kers van hoop. Die volk Israel het gehoop op die vervulling van God se beloftes en God het hulle nie teleurgestel nie. Die hoop dat Hy sou kom, en ons hoop dat Hy weer sal kom is soos 'n lig wat skyn in 'n donker plek.

Die eerste adventskers word aangesteek

Lidmaat:

Dankie Here vir die hoop wat U ons gee. Ons vra U om altyd by ons te bly, terwyl ons wag dat al u beloftes in vervulling sal gaan en dat Christus weer sal kom. Help ons om draers van hoop te wees in 'n wêreld wat alle hoop op redding laat vaar het. Laat u Koninkryk kom.

Tweede Adventsondag

Liturg:

Die tweede kers in die adventskrans is die kers van vrede. Christus het vir ons vrede gebring toe hy gekom het. Hierdie vrede sal vir altyd heers en volkome wees as Hy weer kom. Die profeet Jesaja het Christus genoem "die Vredevors". Jesus het ons ook geleer om vredemakers te wees. Hy het die vredemakers "geseënde kinders van God" genoem. Ons steek die kers van vrede aan om ons te herinner dat Hy alleen die Vredevors is en dat ware vrede slegs in Hom gevind sal word. Hierdie vrede is soos 'n lig wat skyn in 'n donker plek.

Die tweede adventskers word aangesteek**Lidmaat:**

Dankie Here vir die vrede wat U ons gee. Ons vra U om altyd by ons te bly, terwyl ons wag dat al u beloftes in vervulling sal gaan en dat Christus weer sal kom. Help ons om draers van vrede te wees in 'n wêreld wat alle hoop op vrede laat vaar het.

Derde Adventsondag**Liturg:**

Die derde kers in die Adventskrans is die kers van vreugde. Ons steek dit aan omdat Jesus gekom het. Soos sy geboorte vreugde vir Josef en Maria gebring het, so bring sy teenwoordigheid in ons wêreld vreugde waar daar hartseer was. As Hy in ons lewens is, is die vreugde altyd dieper as die tranes.

Die derde adventskers word aangesteek**Lidmaat:**

Dankie Here vir die vreugde wat U ons gee. Ons vra U om altyd by ons te bly, terwyl ons wag dat al u beloftes in vervulling sal gaan en dat Christus weer sal kom. Help ons om draers van vreugde te wees in 'n wêreld wat alle hoop op vreugde laat vaar het.

Vierde Adventsondag**Liturg:**

Die vierde kers in die adventskrans is die kers van liefde. God se liefde is volmaakte liefde, dit offer alles en hou niks terug nie. Hy hou nooit op om ons lief te hê nie. Ons steek die kers van liefde aan om ons te herinner dat Jesus vir ons kom wys het hoe lief God ons het en hoe ons mekaar moet liefhê.

Die vierde adventskers word aangesteek**Lidmaat:**

Dankie Here dat U ons liefhet. Ons vra U om altyd by ons te bly, terwyl ons wag dat al u beloftes in vervulling sal gaan en dat Christus weer sal kom. Help ons om draers van u liefde te wees in 'n wêreld wat alle hoop op liefde laat vaar het.

Aansteek van die kerse op Kersdag

- Liturg:** Ons steek die Christuskers aan om ons te herinner dat die lig van die wêreld op daardie eerste Kersdag gebore is. (*Steek die Christuskers aan*)
- Gemeente:** Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn.
- Liturg:** Vir ons is 'n Seun gegee. Hy sal heers, en Hy sal genoem word:
- Gemeente:** Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.
Sy naam is ook Emmanuel, omdat God deur Hom by ons kom bly.
- Liturg:** Liefdevolle Vader, dankie vir hierdie nag en vir alles wat dit voorstel. Dankie vir die hoop wat U aan ons skenk, (*eerste adventskers aangesteek*)
die vrede wat U bring, (*tweede adventskers aangesteek*)
die vreugde wat U gee en (*derde adventskers aangesteek*)
die liefde wat U oor ons uitstort (*vierde adventskers aangesteek*).
Maar ons eer U bo alles vir Jesus, die Woord wat vlees geword het. Mag sy Lig ons die weg wys soos die ster in die Ooste die wyse manne se pad verlig het. Amen.

Palmsondag**Outeur: Johan van der Merwe**

Ons het vandag saamgekom om die begin van Jesus se Groot Lydensweek te herdenk—sy intog in Jerusalem. Hy het die stad binnegekom om sy verlossingswerk te voltooi: om te ly, te sterwe en op te staan uit die dood.

Votum**Voorganger:**

Kyk, ons Koning kom na ons toe. Hy is nederig en Hy ry op 'n donkie op die vul van 'n pakkier.

Gemeente

Prys die Seun van Dawid!

Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!

Prys Hom in die hoogste hemel!

Seëngroet

Liewe gemeente, ek groet u in die Naam van die Koning - Hy wat in die Naam van die Here kom!

Die palmprosessie

Kinders kom in die paadjie afgeloop en wuif met palmtakke en/of kleurvolle kledingstukke. Terwyl hulle na vore kom, sing die gemeente majestueuse lofliedere (bv SOM 41) en/of die orrel speel iets groots, soos die Halleluja-koor van Händel.

Kerse aansteek

Die kinders plaas hulle palmtakke in die liturgiese ruimte en help die liturg om die kerse aan te steek.



Votum vir Paassondag (met die simbole van die opstanding wat voor geplaas word)
--

Outeur: Johan van der Merwe

Die kleed ('n laken) word voor geplaas

Liturg:

Die kleed herinner ons aan die kleed waarin Jesus se liggaam in toegedraai is. Op daardie Paasmôre was dit eenkant opgerol en die graf was leeg.

Saam juig ons:

Gemeente:

Die Here het waarlik opgestaan!

Die brood voor geplaas

Liturg:

Die brood herinner ons daaraan dat Jesus daardie aand van sy opstanding saam met twee van sy volgelinge geloop het op die pad na Emmaus. Toe hulle die brood saam breek het hulle herken dat hy die Opgestane Here was.

Saam juig ons:

Gemeente:

Die Here het waarlik opgestaan!

Die beker voor geplaas

Liturg:

Die wyn is vir ons die teken dat sy bloed vir ons gestort is tot 'n volkome versoening vir al ons sondes.

Saam juig ons:

Gemeente:

Die Here het waarlik opgestaan!

Die Christusers word aangesteek.

Liturg: Die kers word aangesteek om ons te herinner dat die duisternis die Lig nie kon uitdoof nie. Christus is die lig vir die wêreld. Saam juig ons:

Gemeente: Die Here het waarlik opgestaan!

Liturg: Moenie skrik nie, Jesus is nie by die dooies nie; God het Hom uit die dood opgewek. Saam juig ons:

Gemeente: Die Here het waarlik opgestaan!

Liturg: As Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en ons geloof niks en leeg. Saam juig ons:

Gemeente: Die Here het waarlik opgestaan!

Liturg: As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense. Saam juig ons:

Gemeente: Die Here het waarlik opgestaan!

Liturg: Moenie skrik nie, Jesus is nie by die dooies nie; God het Hom uit die dood opgewek. Saam juig ons:

Gemeente: Die Here het waarlik opgestaan!

Liturg: Dood waar is jou oorwinning; dood waar is jou angel? Saam juig ons:

Gemeente: Die Here het waarlik opgestaan!

Liturg: Die heerskappy oor die hele wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde en Hy sal as Koning heers tot in ewigheid. Saam juig ons:

Gemeente: Die Here het waarlik opgestaan!

Seëngroet

Outeur onbekend

Liturg: Jesus leef! En ons met Hom! Genade vir julle en vrede van God die Vader

Almal: Hy sorg vir ons!

Liturg: en van die Seun

Almal: Hy het waarlik opgestaan!

Liturg: en van die Heilige Gees.

Almal: Hy leef in ons! Amen.

Outeur onbekend

Liturg: Genade en vrede vir julle van God die Vader

Almal: Aan sy liefde is daar geen einde nie

Liturg: En van God die Seun

Almal: Ons skuld het Hy gedra

Liturg: En van God die Heilige Gees

Almal: Hy maak ons nuut!

Outeur onbekend

Genade en vrede vir u van God wat

- Gekom het
- Wat weer kom
- En wat elke dag in u lewe kom!

Uit Ps. 22:24-32

- Liturg:** Julle wat die Here dien, prys Hom! Vereer Hom, nageslag van Jakob! Betoon Hom eerbied, nageslag van Israel!
- Almal:** Ons bring aan Hom die eer
- Liturg:** Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie, Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor.
- Almal:** Hy het ons gehoor
- Liturg:** My loflied in die volle vergadering kom van Hom af, my geloftes sal ek nakom voor die mense wat Hom dien.
- Almal:** Hy laat ons loof.
- Liturg:** By dié offermaaltyd sal die armes genoeg hê om te eet, en sal dié wat na die wil van die Here vra, Hom prys. Mag hulle lank en gelukkig lewe.
- Almal:** Hy sorg vir ons
- Liturg:** Mense oor die hele wêreld sal die Here erken en hulle tot Hom bekeer. Alle volke sal Hom as koning erken, want die koningskap behoort aan die Here; Hy heers oor die volke. Al die rykes van die wêreld sal ook aan dié maaltyd deelneem en Hom as koning erken, ja, alle mense, sterflik en verganklik, sal voor Hom kniel.
- Almal:** Ons buig voor Hom, ons Koning.
- Liturg:** Die nageslag sal Hom dien, en hulle sal van die Here vertel aan die volgende geslag. Dié sal dan aan die volk wat nog gebore moet word van hierdie verlossingsdaad getuig: die Here het dit gedoen.
- Almal:** Mag ons nageslagte U nog steeds dien.
- Liturg:** Amen

Uit Ps. 104:24-35

- Liturg:** U het baie dinge geskep, Here, die aarde is vol van wat U gemaak het.
- Almal:** Mag die werk van die Here Hom vreugde verskaf.
- Liturg:** Daar is die see, groot en wyd, wat wemel van diere, klein en groot.
- Almal:** Mag die werk van die Here Hom vreugde verskaf.
- Liturg:** Almal is van U afhanklik, U gee, en hulle eet, U maak u hand oop, en hulle kry meer as genoeg.
- Almal:** Mag die werk van die Here Hom vreugde verskaf.
- Liturg:** U gee die lewensasem en daar is lewe; ook uit die grond laat U nuwe lewe spruit.
- Almal:** Mag die werk van die Here Hom vreugde verskaf.
- Liturg:** Mag daar aan die roem van die Here geen einde wees nie!
- Almal:** Mag die werk van die Here Hom vreugde verskaf.
- Liturg:** Ek wil tot eer van die Here sing so lank ek lewe, ek wil die lof van my God besing so lank ek daar is. Mag hierdie bepeinsinge van my vir Hom aanneemlik wees! Ek wil my in die Here verbly.
- Almal:** Mag die werk van die Here Hom vreugde verskaf.

Wet

Outeur:	VGK Nuwe Sionsgesange
----------------	------------------------------

- Liturg:** Dit gaan goed met diè wat onberispelik lewe, diè wat wandel volgens die woord van die Here. (Ps 119:1)
- Almal:** Laat U woord my op die regte pad hou; moet tog nie dat enige kwaad die oorhand oor my kry nie. (Ps 19:133)
- Liturg:** Dit gaan goed met dié mense wat sy verordeninge gehoorsaam, met diegene wat met hulle hele hart sy wil doen. (Ps 119:2)
- Almal:** Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie nie. (Ps 119:10)
- Liturg:** Laat ons saam bid:
*Ewige en almagtige God,
 U ken ons almal se harte,
 U ken al ons begeertes,
 vir U is geen geheim verborge nie!
 Reinig daarom ons harte deur die werking van U Heilige Gees
 sodat ons U volmaak mag liefhê
 en U heilige Naam mag grootmaak
 deur Jesus Christus, ons Here.*
- Almal:** Amen
- Liturg:** Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
- Almal:** Ons wil die Here alleen dien.
- Liturg:** Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie.
- Almal:** Ons wil God in Gees en in waarheid dien.
- Liturg:** Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie
- Almal:** Ons wil die Naam van God heilig.
- Liturg:** Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou.
- Almal:** Ons wil die Sabbat onderhou.
- Liturg:** Eer jou vader en jou moeder.
- Almal:** Ons wil hulle eer wat oor ons aangestel is.
- Liturg:** Jy mag nie moord pleeg nie.
- Almal:** Ons wil ons naaste liefhê.
- Liturg:** Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
- Almal:** Ons onderhou die huwelik.
- Liturg:** Jy mag nie steel nie.
- Almal:** Ons wil die belang van ons naaste bevorder.
- Liturg:** Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.
- Almal:** Ons wil in die waarheid leef.
- Liturg:** Jy mag nie iemand anders se huis begeer of enigiets anders wat aan hom of haar behoort nie.
- Almal:** Ons dank God vir wat ons het.



Outeur: Alternative Service Book 1980 van die Church of England

- Liturg:** Ons Here Jesus Christus het gesê: “As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer.” Gelukkig is hulle wat die Woord van God hoor en dit ook uitvoer. Hoor dan hierdie opdragte wat God vir sy kinders gee, en neem dit ter harte. Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het. Jy mag naas My geen ander gode hê nie. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.
- Almal:** **Here, wees ons genadig.**
- Liturg:** Jy mag nie vir jou ‘n afgod maak nie. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.”
- Almal:** **Here, wees ons genadig.**
- Liturg:** Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie. Jy moet Hom met eerbied aanbid.
- Almal:** **Here, wees ons genadig.**
- Liturg:** Sorg dat jy die Here se dag heilig hou. Christus is uit die dood opgewek is. Rig daarom julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie.
- Almal:** **Here, wees ons genadig.**
- Liturg:** Eer jou vader en jou moeder. Lewe as dienaars van God, ag ander se belange hoër as jou eie, jy moet jou medegelowiges liefhê.
- Almal:** **Here, wees ons genadig.**
- Liturg:** Jy mag nie moord pleeg nie. Leef in vrede met alle mense. Oorwin die kwaad deur die goeie.
- Almal:** **Here, wees ons genadig.**
- Liturg:** Jy mag nie egbreuk pleeg nie. Onthou dat jou liggaam ‘n tempel van die Heilige Gees is.
- Almal:** **Here, wees ons genadig.**
- Liturg:** Jy mag nie steel nie. Wees eerlik in alles wat jy doen en sorg vir die behoeftiges.
- Almal:** **Here, wees ons genadig.**
- Liturg:** Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. Leef in die waarheid.
- Almal:** **Here, wees ons genadig.**
- Liturg:** Jy mag nie iets begeer wat aan jou naaste behoort nie. Onthou die woorde van die Here Jesus: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang. Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die liefde is die volle uitvoering van die wet.
- Almal:** **Here, wees ons genadig.**

Outeur onbekend

Die Here het ons bevry van die slawerny van die sonde. Gal. 5 : 1 stel dit duidelik dat Christus ons vrygemaak het dat ons werklik vry kan wees. Die Here het dit al in Ex. 20 gesê dat Hy die God is wat vrymaak. Hy het immers Israel uit Egipte bevry. En toe eendag by die berg Sinai gee Hy vir Moses twee kliptafels en sê daarmee: as jy vry wil bly,

1. dan moet jy naas My geen ander gode hê nie.
2. dan mag jy nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak en dit vereer of dien nie
3. dan mag jy die Naam van die Here jou God nie misbruik nie
4. dan moet jy sorg dat jy die sabbatdag heilig hou en daarop rus
5. dan moet jy jou vader en jou moeder eer
6. dan mag jy nie moord pleeg nie
7. dan mag jy nie egbreuk pleeg nie
8. mag jy nie steel nie
9. dan mag jy nie vals getuienis teen 'n ander gee nie
10. en dan mag jy nie begeer nie

As ons eerlik onself ondersoek voor die spieël van die Woord, sal ons sien dat ons ons vryheid in hierdie week telkemale prysgegee het. Soos Gal. 5 : 1 dit verder stel het ons onself weer onder 'n slawejuk laat indwing. Kom ons bely dit voor die Here.

Outeur: Oorgeneem uit “Die Vrou op Pad”
--

Omdat Jesus Christus die Wet vir ons volkome vervul het, word die tien gebooue in Hom tien beloftes aan ons.

Eerste gebod: Ek belowe jou dat as Ek die eerste plek in jou lewe inneem jy geen ander gode sal wil dien nie – Ek sal die eerste en ereplek in jou lewe hê.

Tweede gebod: As Ek in jou hart is, belowe Ek dat jy geen gesnede beelde van my sal maak nie. Dit sal nie nodig wees nie, want jy sal self my beeld dra.

Derde gebod: As jy my liefhet, sê Jesus, belowe Ek jou dat My naam nooit ‘n vloekwoord oor jou lippe sal kan wees nie, maar steeds en in alle omstandighede deur jou in ere gehou sal word.

Vierde gebod: As ek die ereplek in jou lewe het, belowe Ek jou dat die Sondag die hoogtepunt van die week vir jou sal wees. Dit sal vir jou ‘n vreugde wees om kerk toe te gaan – ‘n dag nie om teen op te sien nie, maar na uit te sien!

Vyfde gebod: As ek in jou lewe is, belowe Ek vir jou dat dit vir jou ‘n voorreg sal wees om jou ouers te eer en lief te hê. Dit sal vir jou nie moeilik wees nie, want agter hulle sal jy My sien wat hulle vir jou uitgekies en geleen het.

Sesde gebod: Ek belowe jou dat jy nooit iemand sal wil seermaak nie, wat nog te sê doodmaak.

Sewende gebod: Ek belowe jou dat as jy my liefhet, dit nie moeilik sal wees om aan jou lewensmaat getrou te wees nie. Gee my ‘n plek in julle huwelik en Ek sal julle liefde vir mekaar en julle geluk in My hande bewaar en vashou.

Agste gebod: As Ek op die troon van jou hart sit, belowe Ek dat jy nie daarop ingestel sal wees om iets van ander te neem nie. Jy sal daagliks vra: Aan wie en waar kan ek aan 'n ander iets GEE? Maar néém? Nee, nooit....!

Negende gebod: As Ek in jou lewe is, sal dit nie meer vir jou lekker wees om van 'n ander kwaad te praat nie. Ek belowe jou dat Ek deur My Gees jou 'n lojale mens sal maak wat van ander geen woord sal sê as dit nie iets goed kan wees nie.

Tiende gebod: Ek belowe dat Ek deur My Gees jou so sal vul met dankbaarheid dat jy niks meer sal begeer nie. Jy sal vergenoeg wees met wat jy het, met die besef dat God gee soos wat Hy dit nodig vind en as Hy gee, gee Hy altyd genoeg sodat niks jou sal ontbreek nie.

<p>Die deugde van 'n Christelike karakter</p>
--

<p>Outeur: John Baillie (1886-1960)</p>
--

In U oneindige wese lê al die skatte van wysheid en waarheid en heiligheid opgesluit. Laat die deugde van 'n Christelike karakter deur my voortdurende gemeenskap met U in my siel vorm aanneem:

- Die gawe van 'n dankbare en tevrede hart
- Die gawe om geduldig op u vrede te wag en u onmiddellik te gehoorsaam as U my roep
- Die gawe om moedig deur lyding of gevaar te gaan
- Die gawe om swaarkry te verduur omdat ons vir Christus lewe
- Die gawe om onbevrees op te staan vir wat reg is
- Die gawe van waaksaamheid, sodat ek nie in versoeking kom nie
- Die gawe van selfdiscipline
- Die gawe van eerlikheid ten alle koste
- Die gawe om ander te behandel soos ek behandel wil word
- Die gawe van sagmoedigheid, sodat ek ander nie te vinnig sal oordeel nie
- Die gawe van beheersdheid, sodat ek nie te vinnig sal praat nie
- Die gawe van vergifnis teenoor almal wat my veronreg het
- Die gawe van begrip vir hulle wat swakker is
- Die gawe om met volharding te verlang dat U hierdie gebed van my sál verhoor.

Amen.

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle
--

1. Geen ander gode nie.
Jy moet die drie-enige God alleen vertrou, van Hom alleen die goeie verwag, en Hom bo alles liefhê.
2. Geen beeld van God nie.
Onthou, die Here is meer as jou gedagtebeeld van Hom. Sorg daarom dat jy sy Woord hoor – so word jy telkens gekorrigeer in jou skraal denke oor God.
3. Sy Naam nie ydellik gebruik nie.
Onthou . . . die Here het jou lief . . . leef uit sy liefde . . . anders misbruik jy sy Naam.
4. Geen werk op die sabbat nie.
Rus in God se genade in Christus. Hierdie rus word versterk by die eredienste.
5. Eer jou vader en moeder.
Gee erkenning vir hulle wat jou in die lewe help en respekteer gesag.
6. Jy mag nie moord pleeg nie.
Respekteer die lewe van ander mense, dink, doen en sê net wat ander se lewe opbou.
7. Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
Koester jou huweliksmat, wees trou aan mekaar, hou jou seksueel rein, wees trou in alle verhoudings.
8. Jy mag nie steel nie.
Hanteer ander mense se goed versigtig, gee aan almal wat hulle toekom, betaal jou skuld.
9. Jy mag nie valse getuienis aflê nie.
Moenie onwaar of halwe waar dinge oor ander mense kwytraak nie, beskerm eerder ander mense se eer.
10. Jy mag nie iets van jou naaste begeer nie.
Gun ander mense ook vreugde in die lewe, moenie dinge vir jou wil opeis wat aan ander behoort nie.

Verootmoediging

Outeur: Jan de Jongh

Hier is ons Here,
 mense wat hier saamgekom het met ons bekommernisse en hartseer, met ons vreugde en drome.
 Hier is ons Here,
 mense wat druk besig is met studie en werk en meestal maar meegesleur word in die stroom van oppervlakkige gejaagdheid.
 Hier is ons Here,
 mense wat daagliks die godsdiens van geld, mag en status inasem en meedoen aan onreg en boosheid.
 Ons bid,
 laat ons tog nie goddeloos word en aan die realiteit om ons té gewoond raak nie.
 Laat die skare van geloofsgetuies van alle tye ons bemoedig en uitdaag tot volharding in die geloof.
 Amen.

Outeur: Book of Common Prayer

Genadige God,
 ons bely dat ons teen U in gedagte, woord en daad gesondig het.
 Ons het gesondig deur wat ons gedoen het en ook deur dit wat ons nagelaat het om te doen.
 Ons het U nie met ons hele hart liefgehad nie.
 Ons het nie ons naaste soos onself liefgehad nie.
 Ons is regtig jammer en bely dit nederig voor U.
 In die Naam van u Seun Jesus Christus,
 wees ons genadig en vergewe ons,
 sodat ons u teenwoordigheid kan geniet.
 Wys ons hoe om só te lewe
 dat ons U Naam verheerlik.
 Amen.

Outeur: Richard Foster

Here God
 Ek sit hier voor u met gemengde emosies en motiewe.
 Ek verstaan myself nie aldag nie.
 Die een oomblik aanbid ek U;
 die volgende oomblik swaai ek my vuiste hemelwaarts en vra ek: "Waar is U?"
 Die een oomblik help ek my medemens met alles in my;
 die volgende oomblik kom ek iemand te na.
 Die een oomblik gun ek my buurman die beste en kry ek hom jammer dat hy swaarkry;
 die volgende oomblik is ek jaloers as dit met hom begin goed gaan.
 Ek weet nie aldag wie ek is nie.
 Maar Here, wie ek ook al is, ek weet dat ek U s'n is.
 En ek dank U dat u my aanvaar, met al my teenstrydighede en komplekse mengsel van motiewe.
 Daarom sal ek nie voor u sit en voorgee wat ek nie is nie, maar myself voor u oopstel.
 Daarom sal ek ook nie weghardloop van u teenwoordigheid nie, omdat ek weet: in u teenwoordigheid word ek gesond.
 Lê u vaderhande op my en op ons en seën my, seën ons. Amen.

Outeur: Book of Common Prayer

Ewige en almagtige God,
 U ken ons harte,
 U ken al ons begeertes,
 vir U is niks verborge nie!
 Reinig daarom ons harte deur die werking van U Heilige Gees
 sodat ons U volmaak mag liefhê
 en U heilige Naam mag grootmaak
 deur Jesus Christus, ons Here.
 Amen.

Outeur onbekend

- Liturg:** Here, ons bely dat ons dag na dag misluk om mens te wees soos u bedoel het ons dit moet wees.
- Almal:** **Here, ons bely dit voor U**
- Liturg:** Here, ons bely dat ons dikwels nie liefhet nie, omdat ons nie verstaan wat liefde is nie en omdat ons nie bereid is om onself te offer nie.
- Almal:** **Here, ons bely dit voor U**
- Liturg:** Here, ons sny onself af van mekaar en ons bou mure van haat en jaloesie.
- Almal:** **Here, ons bely dit voor U**
- Liturg:** Here, ons bely dat ons selfsugtig lewe en soms nie eers ander mense se nood raaksien nie.
- Almal:** **Here, ons bely dit voor U**
- Liturg:** Here, ons bely dat ons al stilgebly het waar ons geweet het mense word onregverdig behandel.
- Almal:** **Here, ons bely dit voor U**
- Liturg:** Ons het niks om vir u aan te bied as versoening vir ons sondes nie. Maar ons vlug in hierdie oomblikke na u toe, Jesus, wat in ons plek kom sterf het.
- Almal:** **Here, wees ons genadig!**
Amen

Outeur onbekend

Heilige God, niks wat ons doen is vir u 'n geheim nie.
 Waar ons hier voor u staan weet ons: al ons maskers moet afval.
 Ons wil onself nie eers probeer verdedig nie.
 Ons smeek net:
 Here, wees ons genadig!
 U liefde maak ons skaam.
 U versorg ons, terwyl ons U skoon vergeet.
 Ons kan so beïndruk raak met die wêreld, so meegesleur deur ons eie dinge...
 Here, vergeef ons!
 U roep ons om ons vyande lief te hê.
 Maar U weet hoe ons sukkel om selfs ons vriende eerste te stel.
 Here, vergeef ons!
 U, wat armes, gevangenes en sukkelaars u broers noem;
 voor U bely ons ons verwaandheid en hooghartigheid.
 Die eer vir ons suksesse neem ons gewoonlik vir onself en die verwyte vir ons mislukkings slinger
 ons na U en ons medemense.
 Here, vergeef ons!
 O God, skep tog opnuut opregtheid in ons binneste, en liefde,
 sodat ons nie langer net vir onself sal lewe nie,
 maar vir U en ons naaste.

Amen!

Outeur: Joodse gebed

Here, wat is ons tog werd, dat u aan ons dink?
 Hoe nietig is ons lewens!
 Hoe nietig is ons pogings om lief te hê!
 Hoe nietig is ons pogings om regverdig te wees!
 Hoe nietig is ons aansprake op sukses!
 Hoe nietig is ons aansprake op mag!
 Hoe flou is ons volharding in die geloof!
 Here, wat kan ons voor u sê, want in u teenwoordigheid is magtiges niks, beroemdes asof hulle
 nooit bestaan het nie, geleerdes asof hulle sonder kennis is en slimmes sonder insig.
 In u lig is die meeste van ons dade selfsugtig en daarom sinloos en oppervlakkig.
 Al wat ons na U kan bring is ons ontblote harte, wat soek na vergifnis, vrede en 'n woord uit u
 mond.
 Amen.

Outeur onbekend

Liturg: Here, mense ly om ons, maar ons voel nie saam met hulle lyding nie.
Almal: Here, wees ons genadig!
Liturg: Here, ons verontskuldig onself maklik en ken nie ons sonde nie.
Almal: Here, wees ons genadig!
Liturg: Here, ons leef vir ons eie belange.
Almal: Here, wees ons genadig!
Liturg: Here, ons vergewe nie ander nie en betoon nie genade nie.
Almal: Here, wees ons genadig!
Liturg: Here, ons wil so graag beter wees as ander.
Almal: Here, wees ons genadig!
Liturg: Here, ons is so dikwels te gejaag en te moeg om vir ander om te gee.
Almal: Here, wees ons genadig!
Liturg: Here, ons luister nie in liefde na ander nie.
Almal: Here, wees ons genadig!
Liturg: Here, ons motiewe is dikwels so liefdeloos en ons agendas so versteek.
Almal: Here, wees ons genadig!
Liturg: Amen.

Outeur: Henri Nouwen

Here, ek is so bang om my toegevuise hande oop te maak,
 want wie sal ek wees as ek niks meer het om aan vas te klou nie?
 Wie sal ek wees as ek voor u staan met leë hande?
 Help my asseblief om my hande oop te maak en te ontdek
 ek is nie wat ek het of besit nie.
 Ek is wat U my wil gee
 en wat U my wil gee, is liefde -
 onvoorwaardelike, ewigdurende liefde.
 Amen.

Om hulle lief te kry wat ek nie liefhet nie
--

Outeur: Geneviève Graves

Here,
 U wat hierdie mense liefhet wat ek nie wil verdra nie,
 U wat die harte ken van hulle wat ek nie kan verstaan nie,
 U wat die innerlike worsteling ken van hulle wat ek ignoreer,
 U wat die goeie motief sien in die houdings wat ek as skynheilig beskou:
 open my oë en my hart.
 U ken my beter as wat ek myself ken;
 u het my lief as wat ek myself het ...
 Here! Leer my liefhê met u liefde.
 Amen.

Outeur: United Church of Christ

Genadige God,
 ons weet dat U ons liefhet, selfs in tye wat ons nie eers meer seker is of ons onself liefhet nie.
 Druk ons teen U vas wanneer ons frustrasie met ons mislukkings ons van binne leeg laat voel.
 Vergewe ons sondes, en help ons ook om ander te vergewe.
 Terwyl ons so hier bid, laat ons U belofte hoor, dat 'n nuwe dag sal breek.
 Dat na die winter die lente sal aanbreek vir ons wat vergifnis ontvang het.
 deur Jesus Christus, wat in staat is om alle dinge nuut te maak.
 Amen.

Outeur: Synesius van Cirene - vierde eeu n.C.

Here Jesus, dink aan my
 En wis my sonde uit
 Bevry my van sondige begeertes
 En maak my van binne rein.

Here Jesus, dink aan my -
 Angs oorweldig my.
 Laat my ervaar dat ek u geliefde kind is
 aan wie U u belofde vrede skenk.

Here Jesus, dink aan my
 En laat my nie van u weg dwaal nie.
 Wys my die hemelse weg
 Uit duisternis en wanhoop uit.

Here Jesus, dink aan my,
 Sodat lig deur duisternis kan breek,
 Sodat ek u ewige heerlijkheid mag aanskou
 En sodat ek in u vreugde mag leef.
 Amen.



Outeur: Ephrem die Siriër (4de eeu)

O Heer en Meester van my lewe!
 Verlos my van my traagheid en my selfsug,
 my hebsug en my oppervlakkigheid.

Gee aan U dienskneg
 'n eenvoudige gees,
 nederigheid,
 geduld
 en liefde.

Ja, Heer en Koning,
 gee aan my die insig om my eie foute raak te sien en
 nie my medemens te oordeel nie.
 U is van ewigheid tot ewigheid die Een wat red en seën.
 Amen

Outeur: “Rite vir die Christelike inisiasie van volwassenes”

Here Jesus
 U is die fontein waarna hierdie broers en susters smag
 U is die Meester waarna hulle soek.
 In u teenwoordigheid durf hulle nie beweer dat hulle sonder sonde is nie, want U alleen is die
 Heilige en Sondelose.

Hier voor U ontbloot hulle nou hulle harte in geloof
 bely hulle hulle sondeskuld en wys hulle vir u hulle gebrokenheid en broosheid.
 O Here, in U groot liefde,
 bevry hulle van swakheid,
 genees hulle siekte,
 les hul dors,
 gee aan hulle vrede.

In die krag van U naam, wat ons in die geloof aanroep,
 Staan hulle by en maak hulle heel.
 Regeer oor die Bose wat deur u opstanding oorwin is.
 Openbaar aan u kinders die weg van saligheid deur die werking van die Heilige Gees, dat hulle die
 Vader in waarheid mag aanbid, want U lewe en heers tot in alle ewigheid.

Amen.

Outeur: Martin Luther (1483-1546)
--

Here, my beker is leeg en ek verlang dat U my weer sal vul. Ja, Here, kom vul my!
 Ek is swak in die geloof – kom en versterk my opnuut.
 My liefde is maar lou – kom, Here, en maak my weer warm ... vurig, dat my liefde sal uitstraal na
 hulle naby my.
 My geloof is nie sterk nie en dit wankel tog so maklik – ek twyfel soms en ander kere sukkel ek om
 op U te vertrou.
 O Here, help my. Sterk my geloof en vertrou. In U vind ek my rykdom. Ek is arm en U is ryk – en
 U het juis gekom om vir armes U genade uit te deel.
 Ek is 'n sondaar, U is regverdig en daarom bly ek aan U sy.
 Ek het niks om vir U aan te bied nie.
 Ek kan alleen maar van U ontvang.

Outeur: Nigeriese Christen

Hemelse Here, u het my lewe soos ‘n boom laat groei. Maar nou het daar ‘n ding gebeur. Satan het
 soos ‘n voël sy eie takkies begin inent. Voordat ek dit kon beseef, het hy ‘n blyplek vir homself ingerig.
 Vanaand Here, gooi ek voël en nes tegelykertyd uit.

Outeur: Skoolmeisie in Afrika

Here, steek ‘n kers aan in my hart, sodat ek in die lig daarvan kan sien om die vuil skoon te maak,
 sodat U daarin kan woon.

Outeur: John Baillie (1886-1960)

Almagtige, heilige en genadige God, as ek U om vergifnis vra, is dit nie omdat ek op vergifnis kan aanspraak maak nie. Ek kan maar net myself op u ondeurgrondelike liefde verlaat.

Ek kan op geen verdienste staatmaak nie.

Ek het geen verskonings en daar is geen versagtende omstandighede nie.

Ek kan nie sê: “Ek is ook maar net ‘n mens” nie.

Ek kan nie die krag van versoekings die skuld gee nie.

Ek kan nie agter groepsdruk wegkruip nie.

Ek kan alleen maar sê ek vertrou op Jesus Christus, Seun van God, my Here.

Outeur: Akanu Ibaim, Nigerië

Here, ons smeek U om ons te bevry van ons

- vrees vir die onbekende toekoms
- vrees vir mislukking
- vrees vir armoede
- vrees vir verlies en hartseer
- vrees vir eensaamheid
- vrees vir siekte en pyn
- vrees vir ouderdom
- vrees vir die dood.

Help ons, o Vader, deur u genade, om U alleen lief te hê en te dien. Vervul ons harte met blymoedigheid, moed en liefdevolle vertrou in U deur ons Here en Meester, Jesus Christus.

Outeur: St John of the Cross (1642-1591)

My Gees is uitgedor, want dit het vergeet om deur U gevoed te word.

Outeur: Eric Milner-White (1884-1964)

O Heilige Gees van God,
 kom na ons en beweeg tussen ons:
 kom as wind en reinig ons;
 kom as vuur en suiwer ons;
 kom as dou en verfris ons:

oortuig, bekeer en wy ons harte en lewens aan U
 vir ons eie welsyn en tot u verheerliking.
 Ons vra dit in Jesus se naam.

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle

Here, ons het die afgelope week minder van u liefde beleef as wat U wou gehad het. Ons het minder vreugde in U gehad as wat U moontlik gemaak het. Dit was nie u skuld nie, maar ons eie. Want ons het nie in u liefde gebly nie. Ons het onself van U afgesluit deur ongehoorsaamheid aan u liefdesgebod. Ons het met ander oë na mense gekyk as die oë waarmee U na hulle kyk. Ons wil nou stil raak voor u heiligheid en ons eie onheiligheid bely (Stilte)

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle
--

Voorganger 1: U vra na my hande of U dit kan gebruik vir U doel, o Heer
Voorganger 2: ek gee dit maar trek dit weer terug , want die werk was te swaar;
Voorganger 1: U vra vir my mond om my uit te spreek teen onreg -
Voorganger 2: ek fluister vir U my antwoord omdat ek net nie verwerp wil word nie;
Voorganger 1: U vra vir my oë om die pyn van armoede raak te sien –
Voorganger 2: ek sluit my oë want ek wil bly lekker lewe;
Voorganger 1: U vra vir my lewe dat U deur my wil werk
Voorganger 2: ek gee vir U net 'n stukkie sodat ek nie té betrokke sal raak nie;
Voorganger 1: Here, vergewe ons ons berekende pogings om U te dien
 Alleen soos dit ons pas, alleen op plekke waar dit veilig is
 alleen met hulle wie dit maklik is;
Voorganger 2: Vader vergewe ons.

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle
--

Liturg: Jesus Christus, Seun van God, as ons van U vergeet het en vergeet dat U ons Maker is, ons voed en ons liefhet,
Gemeente: Jesus Christus, Seun van God, wees ons genadig.
Liturg: As ons van U vergeet het, en gode gemaak het na ons eie beeld, en in u plek gestel het,
Gemeente: Jesus Christus, Seun van God, wees ons genadig.
Liturg: As ons vergeet het dat U vir ons glimlag en gedink het U frons,
Gemeente: Jesus Christus, Seun van God, wees ons genadig.
Liturg: As ons vergeet het hoe wyd u vriendekring strek en veilig net binne ons eie kring wou bly,
Gemeente: Jesus Christus, Seun van God, wees ons genadig.
Liturg: As ons vergeet het: U het ons na u beeld gemaak en daarom vergeet het om op die regte manier lief te hê,
Gemeente: Jesus Christus, Seun van God, wees ons genadig.

Beklag van God**Outeur: Vroeë Siriese Kerk**

Die sogenaamde “Beklag van God” het sy oorsprong in die boek Miga (vgl Miga 6:3-4). Die beklag was deel van die vroeë Siriese kerk se Goeie Vrydag-liturgie. In die agste eeu het Islam die Siriese monnike bedreig en moes hulle vlug. So het die Westerse kerk met die “beklag” in aanraking gekom. Die verwyte in die “beklag” lê alle nadruk op die lydende God. Wanneer ons dit vertaal vir vandag, beteken dit dat God aan ons vra: Waar is julle en watter rol speel julle in die lyding en onreg in die wêreld? Die “beklag” geskied in ’n tweespraak: God vra aan die mens: “My volk, wat het Ek aan julle gedoen? En waarmee het Ek julle vermoei? Antwoord My!” Waarop die gemeente antwoord: “Heilige God, Heilig en Magtig, Heilig en Onsterflik, ontferm U oor ons.”

Liturg:

My volk, wat het Ek aan julle gedoen?
 En waarmee het Ek julle vermoei?
 Ek het die aarde vir julle tot bestaan geroep
 en in julle hande toevertrou,
 maar my tuin word ’n wildernis,
 my lewensakker ’n dodeakker.
 Waarom laat julle dit toe?

Gemeente:

Heilige God,
 Heilig en Magtig,
 Heilig en Onsterflik,
 ontferm U oor ons.

Liturg:

Ek het julle ’n plek onder my reënboog gegee,
 ’n teken van vrede en toekoms,
 maar dodelike wapens staan gerig op mense
 en bedreig my dierbare skepping.
 Waarom laat julle dit toe?

Gemeente: Heilige God ...**Liturg:**

Ek het Myself bekendgemaak as julle bevryder,
 die bondgenoot van alle onderdruktes,
 maar tallose mense word getreiter en geteister,
 terreur en tirannie.
 Waarom laat julle dit toe?

Gemeente: Heilige God ...**Liturg:**

Ek het julle met oorvloed geseën,
 met daaglikse brood en baie meer,
 maar op my akker sterf mense onversadig,
 en kinders bly honger.
 Waarom laat julle dit toe?

Gemeente: Heilige God ...**Liturg:**

Ek het my woord aan julle gegee,
 my hartsgeheime aan julle toevertrou,
 maar afgode kry oral aftrek,
 en mensekinders kies weë wat lei tot die dood.
 Waarom laat julle dit toe?

Gemeente: Heilige God ...**Liturg:**

Ek het my eie Seun na julle gestuur,
 my sprekende ewebeeld, 'n verlenging van my seënende regterhand,
 maar Hy is afgewys, uitgestoot,
 verneder tot die laagste dood.
 Waarom laat julle dit toe?

Gemeente: Heilige God ...**Liturg:**

My volk, wat het Ek aan julle gedoen?
 En waarmee het Ek julle vermoei?
 Ek het julle geëer as kroon van die skepping,
 Ek het julle uitgesoek as my kosbare sierade,
 Ek het julle bewaar in my hand, in my hart,
 Ek het julle my trots, my Seun, geoffer.
 Wat moes Ek nog meer doen?

Gemeente:

Aan die Vader hoog verhewe,
 aan die Seun wat vir ons ly,
 aan die Trooster van ons lewe,
 is die eer en krag gegee,
 nou en tot in alle ewigheid.

Genadeverkondiging

Outeur onbekend

God van tweede kans en oor-begin, dit verstom my altyd weer dat u kies om my in u Koninkryk te gebruik. U gebruik my soos ek is: onvolmaak, met foute, gewoon, soms geneig om nie my beste te gee nie, geneig om foute te maak, om te struikel en om te val.

Maar u genade is altyd groter as my foute en mislukkings. Dankie, o Here, dat U my gebruik ten spyte van myself!

Volmaakte God, herinner my gereeld dat, in u oë, mislukking nooit finaal is nie. Deur u genade, stel my in staat om met my mislukkings konstruktief om te gaan en met ander se foute geduldig te wees. Laat dit so wees. Amen.

Outeur: Henri Nouwen

Here Jesus,
 U dissipel Petrus wou weet
 wie U sou verraai.
 U het na Judas gewys, maar 'n rukkie later ook na Petrus wat die vraag gevra het.
 Judas het U verraai, Petrus het U verloën.
 Judas het homself om die lewe gebring,
 Petrus het die apostel geword,
 wat U die eerste tussen gelykes gemaak het.

Here, gee my tog geloof ...
 geloof in U eindelose genade,
 geloof in U grenslose vergifnis,
 geloof in U onpeilbare goedheid.

Laat my tog nie dink dat my sondes so groot is dat hulle nie vergeef kan word nie,
 te bomenslik dat ek nie geraak kan word deur U genade nie!

Moet tog nie toelaat dat ek van U weghardloop nie,
 maar keer my sodat ek na U sal terugkom, weer en weer,
 om U te vra om my Here te wees ...
 my Herder, my Vesting en my Toevlug.
 Neem my in U hande, o Here,
 en laat ek weer besef dat U my nie verstoot nie ...
 dat U vergewe solank ek bly vra en bly smEEK.

Dalk is my twyfel in U vergifnis 'n groter sonde as
 die sondes wat ek as té groot beskou vir u vergifnis.
 Miskien maak ek myself té belangrik en té groot as ek dink
 dat ek nie meer deur U omhels kan word nie.

Here, sien my raak, hoor tog my gebed,
 soos wat U Petrus se gebed gehoor en verhoor het.
 Laat my nie van U weghardloop soos Judas die nag in nie ...

Seën my, Here, op hierdie Goeie Vrydag
 en skenk my U genade

sodat ek U liefdevolle teenwoordigheid nog nader sal ervaar.

Amen

Outeur: Serapion van Thumis, 4de eeu

Ons kniel voor U, ewige God
 Steek u hand tog uit en help ons op
 Genadige Here, hef ons op sodat ons sonder skaamte en skuld voor u mag staan.
 Herroep die doodsvonnis teen ons en skryf ons name in die boek van die Lewe, saam met die name
 van U heilige profete en apostels.
 Amen.

Uit: Hosea 11, Matt 6

Liturg:

Hoe kan Ek jou prysgee?
 Hoe kan Ek jou laat vaar?
 Ek kan dit nie oor my hart kry nie,
 my liefde brand te sterk.
 Ek is God, nie 'n mens nie.
 Ek is die Heilige wat by jou is.

Gemeente:

Ons Vader wat in die hemel is,
 laat u Naam geheilig word;
 laat u koninkryk kom;
 laat u wil ook op die aarde geskied,
 net soos in die hemel.
 Gee ons vandag ons daaglikse brood;
 en vergeef ons ons oortredinge
 soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;
 en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.
 Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Geloofsbelydenis

Outeur: Belhar-belydenis
--

Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur sy Woord en Gees sy kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

Ons glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.

Ons glo dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werkzaam moet wees, daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; daarin dat ons skuldig is om onself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee;

Ons glo dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God;

dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk.

Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees.

Jesus is die Heer!

Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe die eer en heerlikheid in ewigheid.

Outeur onbekend

Die Here is ons God.

Hy is die Here van die Heersers.

Hy is die Vader van sy volk wat op pad is.

Hy is die Skepper van die hemel en die aarde.

Hy sorg vir ons.

Sy Koninkryk het naby gekom in Jesus van Nasaret, die Messias, ons Here.

Hy het uit die dood opgestaan en roep ons om Hom te volg.

Die Gees bewerk die nuwe lewe in ons.

Hy lei ons in die waarheid.

Hy wys vir ons dat ons ons stukkende wêreld mooi moet maak.

Hy gaan saam met ons die toekoms in.

Outeur onbekend

Ek glo dat God my Vader is
 en dat my Vader
 die almagtige Skepper van hemel en aarde is.

Ek glo dat Jesus Christus my enigste Koning is,
 dat Hy gesterf het sodat my sonde vergewe kan word;
 dat Hy uit die dood opgestaan het sodat ek 'n nuwe lewe kan leef;
 dat Hy opgevaar het na die hemel om vir my by die Vader in te tree;
 en dat Hy weer terugkom om alles volkome nuut te maak.

Ek glo dat die Heilige Gees aan my gegee is om my in die volle waarheid te lei
 en my aan God gehoorsaam te maak.

Ek glo dat ek in Christus deel is van die kerk
 en dat alle gelowiges my broers en susters is
 saam met wie ek in liefde moet leef as die huisgesin van God.

Ek glo dat ek in Christus
 'n kind van God geword het,
 die ewige lewe ontvang het
 en eendag uit die dood sal opstaan
 om vir ewig in God se teenwoordigheid te lewe.

Amen

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle
--

Ek-is-wat-Ek-is is ons God,
 God oor die gode,
 Skepper van hemel en aarde
 wat aan ons die aarde toevertrou,
 Vader van sy volk onderweg,
 Moeder van alles wat lewe.
 Gemeente: Dit glo ek!

Sy vredesryk het naby gekom
 in Jesus van Nasaret, die Gesalfde.
 Hy roep ons om Hom te volg.
 Gemeente: Dit glo ek!

Die Gees is die Een wat lewend maak,
 wat ons in die waarheid lei
 en ons inspireer met die visie
 van 'n menslike wêreld
 waar U saam met ons die toekoms ingaan.
 Gemeente: Dit glo ek!

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle

- Liturg:** Saam met die eerste volgelinge van Christus bely ons ons geloof in Hom -
Met Johannes die Doper:
- Gemeente:** Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!
- Liturg:** Met Andreas:
- Gemeente:** Ons het die Messias gekry!
- Liturg:** Met Natanael:
- Gemeente:** Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel!
- Liturg:** Met die Samaritane:
- Gemeente:** Ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is.
- Liturg:** Met Simon Petrus:
- Gemeente:** U is die Christus, die Seun van die lewende God.
- Liturg:** Met Maria Magdalena:
- Gemeente:** My Meester!
- Liturg:** Met Thomas:
- Gemeente:** My Here en my God!
- Liturg:** En nou ook met die universele kerk, versprei oor alle lande, tale en kulture:
- Gemeente:** Ek glo in God die Vader, die Almagtige ...

Outeur: Wilhelm Jordaan

BLYDENUUS VAN GELOOF

Ek glo in God
die Vader
die Almagtige Maker
van alles in die hemel
en alles op die aarde.

Ek glo in hierdie Vader
met die wondernaam:
"Ek is wat Ek is",
werkwoordelik onvoltooid
voortdurend God.

Ek glo in hierdie Vader
van wie Moses slegs die rug
kon sien toe hy gevra het:
"Wys my U gesig."

Ek glo in hierdie Vader
die God wat Liefde is
en ons na hierdie aard gevorm het
tot vlees uit stof,
en dit gevul het met Sy Gees
sodat ons uit gewone mensesaad
mense na Sy beeld kan maak:
om hiérin onself te wees -
om lief te hê
sonder vrees.

Ek glo in hierdie Vader
wat die waters uit Sy hemel gee
as teken van Sy seën
sodat elke volk -
wit en bruin en swart –
in eie taal
die Heer kan loof
en heersend oor die Skepping
voort kan gaan
om groente in akkers te plant
daarvan te eet en te dank.

Ek glo in hierdie Vader
wat Hom geopenbaar het
in Sy Seun,
die Mens wat tussen ons kom woon het
as die Waarheid teen die Leuen:
"Sien dan dié Mens! - die geheim van My gesig."

Ek glo in hierdie Seun

die Timmerman van Nasaret
wat gekom het
en kom
om ons te ken
elkeen na sy naam
in die fynheid en die grofheid van sy grein
en in die jaarringe van sy pyn.

Ek glo in Jesus Christus
die Mens na God se hart
wat God se wil gekies het
om deur die haat
en klein begrip
van mense
'n doringkroon te dra,
en van God geskei te word
in die Godverlatenheid van Golgota
die doderyk deurgrond het
en opgestaan het
dat ons onvervreem van God
verby die dood
ewig vry kan lewe.

Ek glo in hierdie Jesus
wat opgevaar het na die Vader
en vandaar die sagte oordeel bring
omdat Hy nader aan my is
as wat ek aan myself is;
my kern ken,
verby die vel
tot in die chemie van die sel;
wat weet hoe diep my blindheid is
en my vashou –
styf teen die braille van Sy lyf.

Ek glo in die Heilige Gees
die Wind van God
wat oor die leegheid van my lewe waai
en die koers bepaal
weg van myself weg van Tarsis
na die nood in Ninevé.

Ek glo aan die kerk wat uit Christus groei
tot nuwe skeppingswerk;
om alle mense
met geloof en hoop en liefde te verbind
aan die Koninkryk van God se Kind.

Ek glo aan die gemeenskap van stukkende sondaars
wat kniel voor die Heiligheid van God.

Ek glo aan die vergiffenis

dat Genade altyd groter is
as my sonde en geskiedenis.

Ek glo aan die heropstanding van die liggaam
want ek glo in Christus.

Ek glo aan die ewige lewe
wat hier begin
en ná die dood
die blydenuus bly sing.

Skriflesing

Respons op Skriflesing Outeur onbekend

Liturg: Dit is die Woord van die Here

Almal: U Woord is die lig op ons pad

Epiklese

Outeur: Henri Nouwen

‘n Gebed tot die God van eb en vloed

Liewe Here, vandag dink ek aan die woorde van Vincent van Gogh: “Dit is so dat daar eb en vloed is, maar die see bly die see.” U is die see. Alhoewel ek baie ops en afs in my emosies beleef en dikwels groot veranderinge in my innerlike beleef, bly U dieselfde. U bly dieselfde nie soos ‘n rots nie, maar soos ‘n getroue minnaar. Uit u liefde het ek tot die lewe gekom en deur u liefde word ek gedra en na u liefde word ek altyd teruggeroep. Daar is dae van tranes en dae van vreugde; daar is skuldgevoelens en dankbaarheid, daar is oomblikke van mislukking en oomblikke van sukses, maar dit alles word omvou deur u standvastige liefde.

Die enigste groot versoeking waarvoor ek kan swig is om te twyfel in u liefde, om te dink ek is so ver van U af, dat U my nie kan bykom nie, sodat ek myself uithaal uit die genesende gloed van u liefde. Om dit te doen, is om in die duisternis van wanhoop in te beweeg ...

O Here, see van liefde en goedheid, help my om die storms en winde van my daaglikse lewe nie te veel te vrees nie. Laat my besef dat daar wel eb en vloed is, maar die see bly die see. Amen.

Outeur: Richard Foster

Gees van die lewende God,
wees die tuinier van my siel.

Hoe lank wag ek nou al op U – stil – in ‘n koue winter van my siel.

Maar nou, in die kragtige naam van Jesus Christus, waag ek om U te smeek:

Hark weg die dooie blare van die verlede

Vergruis die harde kluite van my weerbarstige gewoontes en groewe

Werk diep in my in die ryk kompos van nuwe visie en vreugde

Plant diep in my siel u lewegewende Woord

Versorg, gee water, koester my hart

Totdat die nuwe lewe in my ontkiem, groei en blom.

Amen.

Outeur: Howard Thurman

Here, skenk aan my uit u genade

- lig waar ek net donker sien
- moed waar ek vrees
- hoop waar ek wanhoop
- vrede waar my gemoed storm
- vreugde waar ek hartseer is
- krag waar ek swak is
- wysheid waar ek verward is
- sagtheid waar ek bitter is
- liefde waar ek haat
- vergifnis vir my sonde
- Úself in die plek van myself

Here, Here, skenk aan my Úself!
Amen.

Outeur: Richard Foster

Here, daar is geraas in my hart.
Al word dit soms stil *rondom* my, is dit of die geraas *binne* my net nie stil word nie.
As ek besig is, dan pla dit my nie so erg nie, dan is dit maar soos donderweer in die verte.
Maar as dit stil word rondom my, daar waar ek in die nag wakker lê en peins, dan word hierdie veraf gedreun 'n skrikwekkende storm.
En die klank is nie die majestueuse klank van 'n simfonie wat opwerk tot 'n magtige crescendo nie, nee, dis soos die oorverdowende gekap van potte en panne. Wat 'n lawaai. En ek voel magteloos om dit stil te maak hier binne-in my.

Here Jesus, U wat eens die wind en die golwe aangespreek het en dit het stil geword, maak dit stil in my.
Spreek net 'n woord ... en u vrede sal in my hart kom heers.
Ek wag ... stil ... geduldig.
Tot ek u liefdevolle opdrag hoor en as u vir my sê:
wees stil en weet, ek is die Heer.

Outeur: Augustinus

God van ons lewe, daar kom dae
wanneer die laste wat ons dra
ons skouers skaaf en ons neerdruk;
wanneer die pad vorentoe droewig en eindeloos lyk,
die lug vaal, troosteloos en dreigend;
dae wanneer die lied uit ons lewe verdwyn
en ons hart eensaam is en ons siel moedeloos word.
Laat dan u lig skyn op ons pad,
rig ons oë op na die hemele van belofte;
snaar U ons hart vir die lied;
skenk ons die gemeenskap van die heiliges en helde van die eeue;
en sterk so ons gees om ook ander, wat die pad saam met ons bewandel,
te onderskraag tot u eer en verheerliking.
Amen.

Outeur: Johannes Calvyn se Straatsburgse liturgie van 1545

Lewende Here, ons bid nou dat u lewende woorde nie by ons 'n hart van klip en 'n kop van yster sal aantref nie, maar 'n leergierige gees wat werklik soek na die betekenis van die nuwe lewe in U. Laat ons hier werklik ervaar dat U ons Vader is wat ons as u kinders aangeneem het, dat u ons Verlosser is wat namens ons gesterf het en weer opgestaan het en dat U deur u Gees ons harte verlig om u stem te hoor.

Amen.

Adventsgebed

Outeur: Unitas fratrum (Morawiese Broeders) 16de eeu

Almagtige God, ons Hemelse Vader, U kom altyd u beloftes na.

Ons dank U dat U u enigste Seun gestuur het toe die tyd daarvoor reg was.

Saam met u hele kerk vier ons Sy koms.

Ons verheerlik u, ons genadige Vader,

en u Seun, ons koning van Sion,

en die Heilige Gees.

Here, U is ons Koning – in die Naam van die Vader bid ons dat U ons in staat sal stel om hierdie adventstyd reg te vier: in ons harte, met ons woorde, en deur ons lewens aan U toe te wy.

Stort asseblief u oorvloedige seën oor ons uit.

Stel ons in staat om met entoesiasme na u Woord te luister,

om dit te vertrou en in geloof te aanvaar,

sodat ons die vreugde van u Gees kan ervaar en aan u ons bewondering kan bring.

Laat ons U dien, die God wat mens geword het, ons Verlosser,

nou hier op aarde, in u kerk,

maar ook vir altyd in u Koninkryk.

Amen.

Gebed voor die preek**Outeur: HF Kohlbrügge**

Here Jesus Christus, genadige en barmhartige God! Ons dank U vir u genade – dat U ons op hierdie Sondagoggend bymekaar gebring het om die evangelieboodskap te hoor. Ons bid dat ons deur die Heilige Gees u Woord in ons harte sal ontvang as 'n Woord wat elkeen van ons raak; dat dit nie oor ons sal spoel asof ons doof is nie. Gee liever, Here, dat ons u waarheid ter harte sal neem, want daar is vir ons niks so goed as om voor U nederig te bly nie. Net U alleen hef ons op en maak ons waardig.

O Here God, ons bely voor U ons vreeslike oortredinge en sonde. Wie is ons tog dat U vir ons u Woord bring? Daar is niks anders in ons as verkeerde idees, sonde en rebellie teen u heilige wil nie. Bewys asseblief aan ons u groot genade, dat ons nie die fout maak om te dink dat ons uit onself goed is nie. Eintlik verdien ons die hel.

Almagtige God, maak ons lewend deur u Woord, en trek ons deur die krag van u genade nader aan U. U weet in watter ellende ons ons bevind, en hoe die lewe om ons vol sonde, boosheid en wêreldsheid is – alles magte wat ons wil beroof van u beloftes. Dink tog aan ons in u groot genade wanneer ons na U kom om in die geloof te groei, sodat ons die verkeerde weë sal laat staan en die regte pad sal volg.

Kom buig ons wil sodat dit in lyn sal kom met u wil. Maak ons waarlik nederig voor U. Laat ons opkyk na Jesus Christus sodat ons in Hom alleen ons redding sal soek. Wees U, o Here, vir ons soos 'n vader vir weeskinders en 'n trooster vir dié wat treur! Alles wat U doen, doen U tog om ons nader aan U te trek. Dink aan ons dorp, ons hele land, die president en die leiers, en laat u Woord seëvier. Barmhartige God, dink aan ons in u groot genade sodat ons sal buig voor u Woord; en dat ons vreugde en vrede sal vind in die vermaninge van u Woord.

Amen.

Jaareinde**Outeur: Karl Barth (1886-1968)**

Here, ons God! Ons jare kom en gaan. Daar is geboortes ... en mense sterwe. Maar U is en bly dieselfde. U heerskappy en u trou, u geregtigheid en u genade het geen begin en geen einde nie. U is die oorsprong en die doel van ons lewens, U beoordeel ons gedagtes, woorde en dade.

Ons kom gebroke en verootmoedig ons voor U. Ons bely dat ons U dikwels vergeet, verloën en teleurstel. Maar vandag voel ons verlig en getroos deur u Woord wat sê dat U ons Vader is en ons u kinders is deur U Seun, Jesus Christus, wat vir ons mens geword het, gesterf het, opgestaan het en ons Broer is.

Ons dank U vir die voorreg om nou, op die laaste Sondag van die jaar, hierdie goeie nuus weer te kan verkondig en te kan hoor. Maak ons vry om hierdie boodskap reg te verkondig en reg te hoor, sodat hierdie byeenkoms U sal verheerlik en aan ons vrede en genesing sal bring.

Amen.

Pastorale gebed vir die gemeente**Outeur: Josef L. Hromádka (1889-1969)**

Here, ons God en Vader in Jesus Christus, ons eer U met ons hele hart, omdat U die Heilige is en die hele wêreld nie u heerlijkheid kan omvat nie. Ons nader tot U met verwagting en vertroue, omdat U alreeds tot ons genader het, ons kom ontmoet en ons bevry het van alles wat ons van U vervreem. U het u Seun gestuur sodat Hy in ons plek kan kom staan, omdat ons in ons swakheid en magteloosheid verstrik raak en in sonde en verderf vasval. Ons dank U vir die genade om deel te wees van die skare van sondaars wat hulle hoop in U vestig. Asseblief Here, moenie nou stilbly nie, praat met ons, sodat elkeen U stem persoonlik kan hoor en u Woord sal verstaan en dit sal ontvang as lig op die lewenspad. Vergewe ons, o Here, vergewe ons dat ons so dikwels ons harte verhard as u na ons roep. Ons is nooit sonder u beloftes nie. U hand is deurentyd na ons uitgestrek, maar ons bedrieglike en korrupte harte vlug van U af weg en volg ons eie kop.

Ons is hier bymekaar om van U te leer. Ons pleit, kom Heilige Gees. Lei ons in u waarheid en maak ons nuut deur u genade. Beweeg hier tussen ons – ons is u gemeente. Neem alles weg wat skeiding bring tussen ons en U en tussen ons en ons medemens. Anker ons in u waarheid en maak ons een in liefde. Neem elkeen van ons persoonlik, vorm ons en bou ons op as lewende stene in ‘n geestelike huis waarin U kan woon. Neem weg die laste van ons skouers: ons bekommernis en smart, ons hartseer en probleme, ons hulpeloosheid en siekte. Ons plaas ons vertroue op U alleen. Op U alleen hoop ons, op U alleen wag ons verlangend.

Seën ons gemeente, antwoord in u genade ons intiemste vrae, en bind ons saam met hulle wat nie vandag hier kan wees nie, maar wel begeer om in die gemeenskap van gelowiges te wees. Hoor ons in die naam van Jesus Christus!

Amen.

Gebed om God se Woord reg te hoor**Outeur: Liturgie van die Gereformeerde kerk in Frankryk**

O Here, onuitputlike bron van alle goeie dinge,
ons eer u vir die gawes van u liefde.

Gee dat ons u Woord mag hoor met ‘n opregte begeerte om te ontvang wat dit belowe en te gaan doen wat dit van ons vra.

Grafeer u Woord nie net in ons verstand nie, maar ook in ons harte,

Verander ons deur U Heilige Gees om al hoe meer aan die beeld van u Seun gelyk te word.

Ons wil ons verwonder oor u heerlijkheid terwyl ons in hierdie helder spieël van u Evangelie kyk.

Amen.

Outeur: Jörg Zink

Here,
 U het Lasarus, u vriend,
 uit die grafspelonk geroep:
 Kom uit!
 En hy het gelewe.
 Spreek ook tot my siel: Kom uit!
 Ja, Here, ek kom.
 Ek kruip nie weg vir U oordeel nie.
 Ek kom met leë hande,
 maar ek hoor u roepstem.
 U, die Lewende, gee lewe.
 U, die Lig, oorwin alle duisternis.
 U, die Waarheid, verban alle waan.
 U, die Liefde, maak vry van alle vrees.
 Aan U behoort ek in die lig van die dag
 en in die donkerte van die nag.
 Bewaar my ingang en my uitgang
 nou en in ewigheid.

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle

Goeie God,
 U laat u waarheid straal,
 stil en eenvoudig,
 kwesbaar soos 'n kersvlam,
 maar net so hardnekkig
 soos die dag wat elke oggend opnuut breek.
 Gee ons siel die vermoë om
 die stiltes en eenvoud van u stem op te vang.
 Verhelder ons oog met die lig van u Woord.
 Bevry ons verstand om die waarheid van u evangelie te besef.

Uit: Filippense 2

Here, u Woord leer ons dat:
 U Uself nie as te Goddelik beskou het om mens te word nie,
 U Uself nie as te hoog beskou het om verneder te word nie,
 U Uself nie as te glansend beskou het vir ons duisternis nie,
 U Uself nie as te regverdig beskou het vir ons skuld nie,
 U Uself nie as te goed beskou het vir ons nood nie.
 Help ons verstaan hoe ver u liefde vir ons strek,
 maak ons verwonderd oor u gesindheid teenoor ons
 en laat dieselfde gesindheid in ons kom woon
 ter wille van u Naam op aarde.

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle
--

God van vrede,
 U het ons Here Jesus Christus uit die dood opgewek.
 Sy dood het ons dood vernietig.
 Sy opstanding het vir ons die lewe gebring.
 Hy is ons goeie Herder.
 Here Jesus, laat ons oplet na u stem.
 Vorm ons soos U ons wil hê.
 Doen dit nou deur ons u stem in u Woord te laat hoor.

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle
--

Ons vra U nie, God,
 om wonders en tekens
 uit die hemel nie.
 Ons vra U om u aanwesigheid
 hier in ons midde.
 Om die vuur van u Gees
 wat ons lig en warmte bring,
 wat ons beweeg en besiel.
 Om die liefde van u Seun
 wat ons wys en leer
 hoe U omgee vir mense.
 Wanneer ons u Woord gaan lees,
 is ons gebed dat U in ons lewe sal inbreek,
 dat U ons tot nuwe lewe sal wek.
 Omdat ons bestaan in en lewe vanuit u genade. Amen.

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle
--

God,
 U het ons vandag saamgebring
 om na u Woord te luister,
 om U met hart en mond te aanbid.
 Maak alle stemme in ons stil,
 sodat ons alleen u Woord hoor.
 Open deur u Heilige Gees ons
 verstand en hart vir u waarheid.
 Kom met u Gees in ons midde
 en seën ons,
 maak ons vrymoedig om U en ons naaste
 met 'n opgewekte hart te dien. Amen.

Nagmaal

Alternatiewe Nagmaalsformulier: Die Nagmaal as maaltyd in die hede wat alle afgodiese lojaliteite uitsluit

Outeur: Theunis Botha

Met die Nagmaal het ons die voorreg om 'n ete saam te eet. 'n Klein ete wat bestaan uit 'n stukkie brood en 'n slukkie wyn. Ons het die voorreg om met God te eet, uit God se hand te eet, want Hy is die Gasheer. Jy moet dit hoor: God begeer jou teenwoordigheid aan Sy tafel! Jy is genooi, nie oor jou waarde of jou status nie; nie oor jou geld of jou besittings nie; nie jou prestasies of ideale nie; nie jou godsdienstigheid of goeie werke nie, maar omdat God God is wat uitreik na jou, om vandag en elke dag van jou lewe by Hom aan Sy tafel te kom eet.

Maar om jou voete onder God se tafel in te steek is 'n belydenis dat jy Hom met jou hele lewe vertrou. Dit is 'n uitdrukking van die feit dat jy met albei hande aan Hom vashou en met al twee oë na Hom kyk; dat jy in alle omstandighede alles van God verwag. Dit is om God alleen toe te laat om jou honger na geluk en gemoedsrus te stil. Dit is om 'n hart te hê wat nie verdeel is nie.

Elkeen van ons moet ons daarom nou op hierdie punt toets: waarop sit jy jou hart? Wat is die dinge waarop jy staatmaak? Want dit is die dinge wat bepaal waar jou hart ook is (Matt 6:21). Is jou hart by die enigste ware God van die Woord (HK V 95) of is dit elders omdat Sy Woord en beloftes vir jou nie genoeg is nie? Het jou hart dalk die gevangene geword van ander lojaliteite? Jou werk, jou tyd, jou inkomste, jou eiendom, jou aansien, jou kennis, jou voorkoms, jou gesondheid, jou begeertes, jou volk, jou toekoms, jou veiligheid, jou geluk. Is dit waarvoor jy jouself gee in ruil vir vrede, geluk en vastigheid? Het die dinge nie dalk jou god geword nie? Is God nog 'n faktor vir jou? Verwag jy nog iets van God?

Kom laat ons ons voor God ondersoek. (*stilte*)

Daar is so iets soos 'n afgod. 'n teen-god, 'n nie-god. Iemand of iets wat nie God is nie, maar op wie ons ons vertrou stel. Ons kan God so as't ware verloor. Wanneer ons egter nou hier vergader is, kom God na elkeen, oor en deur alle grense of skanse heen om ons te ontmoet en maak Hy 'n aanspraak op jou hart en op jou verstand en op jou liggaam en op jou planne en op jou tyd en op jou lewe en op jou goed en op jou gesin en wil Hy hê dat jy moet luister: Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het (Eks 20:2). Ek is die brood wat lewe gee (Joh 6:35). Ek is die lig vir die wêreld (Joh 8:12). Ek is die ingang vir die skape (Joh 10:7). Ek is die goeie herder (Joh 10:14). Ek is die opstanding en die lewe (Joh 11:25). Ek is die ware wingerdstok (Joh 15:5). Ek is wat Ek is (Eks 3:14) en jy mag naas My geen ander gode hê nie. (Eks 20:2). Want niemand kan vir twee base tegelyk werk nie, omdat een altyd eerste sal kom en die ander tweede (Matt 6:24). Geseënd is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien. (Matt 5:8)

God is nie skaam om jou aan sy tafel te hê nie. Dit is die ewige wonder van God. Ons het nie reg op hierdie ete nie, maar God begeer jou teenwoordigheid. Hy wil dat jy sy gasvryheid sal beproef, Sy aanbod van Lewe in die offer van Sy Seun. Daarom mag jy jou op Hom verlaat, jou verdeelde hart verbind en mag jy aansit vir die ete, mag jy Nagmaal vier, mag jy vir altyd aansit by die tafel van die Here en uit Sy hand eet.

Formulier by die nagmaal ... as vreugdefees
--

Outeur: Johan van der Merwe

Geliefdes in die Here Jesus Christus

In die nag waarin die Here verraai en oorgelewer is, het hy die brood en die beker geneem en sy dissipels opdrag gegee om dit te gebruik tot sy gedagtenis. Die omstandighede waarin dit gebeur het, was wel somber. Die tekens het gepraat van Jesus se dood. Vir die dissipels kon dit inderdaad lyk of Jesus aan die einde van 'n doodloopstraat gekom het. Dit kon lyk of sy lewe en sterwe tevergeefs gaan wees!

Maar dan breek Hy die brood en skink Hy die wyn. En Jesus se liggaam word gebreek en sy bloed gestort sodat ons vrygemaak kan word. Vry van ons behepthed met onself en vry van ons selfsugtigheid. Vry om lief te hê, vry om bly te wees, vry om met God gemeenskap te mag hê. Vry van ons skuld voor God en voor mekaar. Dit is reeds 'n stuk hemel en 'n stuk koninkryk van God. Al sien u dit nie altyd om u raak nie en al wil dit donker raak in u gemoed, sien dit raak dat Jesus vir u vrygemaak het en vir u die koninkryk laat aanbreek het.

Maar Jesus se visie op die Koninkryk van God is veel groter as my eie verlossing. Want Jesus sê vir hulle hierdie woorde: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie TOT OP DIE DAG wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink. Jesus wys nie maar net vir hulle dat die koninkryk al in hulle harte begin het nie. Hy gee hulle ook die belofte dat die dag sal kom wanneer almal sal sien dat Hy die Seun van God is en dat die dag sal kom wanneer die nuwe hemel en die nuwe aarde sal aanbreek. Dan sal die liefde en die vreugde en die gemeenskap met God nie net in elke dissipel se hart wees nie, maar ook in ons dorp, ons land, ons wêreld.

Jesus gebruik hier 'n besondere beeld uit die Ou Testament. Dis die beeld van die sogenaamde Messiaanse banket - daardie fees wat al die volke en die hele aarde saam sal vier met God as die gasheer. En dit is met hierdie fees in gedagte wat Jesus die brood breek en die wyn skink. Hy laat die dissipels as't ware 'n drama opvoer: Hy laat hulle die Messiaanse banket opvoer. Die tafel waarom hulle sit, is nou wel stukkend en die kos daarop is min, maar dit laat hulle dink aan die tafels wat kreun onder die oorfloed van kos en drank by die fees saam met Jesus aan die einde van die tyd. Die vreugde wat die dissipels ervaar, is maar min, want Jesus gaan weg, maar dit laat hulle dink aan die vreugde sonder enige beperking wat hulle sal hê as hulle by die banket sal aansit en Jesus by hulle sal hê van aangesig tot aangesig vir altyd. Ook die liefde wat hulle vir mekaar het, is by hierdie opvoerinkie gebrekkig. Hulle sit daar as mense wat elkeen die grootste wil wees, mense wat op mekaar jaloers is en mense wat teenoor mekaar agterdogtig is en mekaar in die rug steek. Maar die bietjie liefde wat hulle tog rondom hierdie tafel ervaar herinner hulle aan die tyd wat kom wanneer die koninkryk van God oor die hele hemel en aarde sal strek, want in daardie koninkryk sal daar reg en geregtigheid geskied. Daar sal vrede wees, liefde en vreugde. En almal sal God prys. Aan dit alles wil Jesus hulle herinner in die nagmaal, waar hulle die Messiaanse banket opvoer.

Wat Hy vir hulle hier gee, is 'n venster wat uitkyk op die nuwe hemel en die nuwe aarde. Hy gee vir hulle 'n vinnige kykie op hoe dit eindag sal wees. Die dissipels sal nog steeds vervolgt word, gemartel word en hulle sal nog steeds moedeloos word as hulle al die haat en ongeloof rondom hulle sien, maar tog het alles verander, want hulle het 'n visie van die koninkryk van God gehad. Van onder die puinhoop uit kyk hulle deur die venster en hoor: alles sal nog nuut word, alles is reg, al is alles verkeerd.

God is die God van die toekoms wat ons elke dag met nuwe dinge kan en wil verras. Sy koninkryk het al gevestig in ons lewens toe hy ons bevry het van ons skuld en van ons behepthed met onself.

Maar dis maar net die begin! Al sien ons dit nog nie oral om ons nie, gee God ons in die nagmaal 'n kykie op die Messiaanse banket en daar sien ons die nuwe hemel en die nuwe aarde wat aan die kom is. In die nagmaal verlang die bruid van Christus juis na hierdie bruilofsmaaltyd van die Lam" - dit wat ons vanoggend die messiaanse banket genoem het en wat ons in die nagmaal as't ware opvoer.

As ons so na die bruilofsmaal van die Lam verlang, kan ons natuurlik nie meer daarmee tevrede wees dat die wêreld daarbuite nog nie lyk soos dit by die bruilofsmaal sal lyk nie. Dit laat ons juis hier uitstap om die Koninkryk te gaan soek en te gaan vind en self ook tekens van hierdie koninkryk te gaan oprig.

Iemand wat hier aan die nagmaal deelneem en die bruilofsmaal van die Lam opvoer, kan nie daarbuite tevrede gaan wees dat die koninkryk van God nie daar gesien kan word nie. Hoe kan ons hier om die een nagmaalstafel bymekaarkom en van die een brood eet en van die een beker drink, en daarbuite steek ons mekaar in die rug, haat ons mekaar, verwens ons mekaar, beskinder ons mekaar? Hoe kan ons hier om die nagmaaltafel beleef dat God se genade ons gelykmaak aan mekaar en daarbuite wil die een beter wees as die ander? Hoe kan ons hier met mekaar een wees en daarbuite moet elkeen maar sy eie kastaiings uit die vuur krap? Hier bedien ons mekaar, daarbuite kyk ons anderpad, verby ons buurman se nood? Ons, wat hier om die nagmaalstafel 'n kykie in die nuwe hemel en die nuwe aarde kry, durf nie verder daarbuite te bou aan die hel van die ou aarde nie. Dit is ook ons skuld dat mense die Koninkryk van God nie kan sien nie.

As ons nagmaal gevier het en die messiaanse banket opgevoer het, is ons ook verplig om daarbuite in die winter van hierdie wêreld tekens van God se koninkryk te gaan oprig, lentebloeisels wat sê God se somer kom. Nie noodwendig groot krismisrose of Aaronskelke nie. Lentebloeisels, klein dingetjies, soos om bly te wees saam met 'n ander een se vreugdes en te huil saam met 'n ander een se seer.

Die nagmaal as waarborg Outeur onbekend
--

Die Here wil hê dat ons moet seker weet: Ons is syne!

Daarom sê Hy dit in sy Woord vir ons oor en oor. En elke keer mag ons dit glo. Maar dis nie altyd vir ons so maklik om dit te glo nie.

- Soms kan ons voel dit is waar. Dan is dit asof die Gees wat die Woord geskryf het ook in ons harte roep: “Abba”, dit is: Vader! Maar dikwels voel ons net niks nie. Dan sê ons vir onself: Jy is nie God se kind nie. As jy was, sou dit anders gevoel het.
- Soms, as ons na ons lewens kyk, ontdek ons dat ons lewens inderdaad anders geword het deur ons omgang met die Woord. Dan skep ons moed en dink: Ek is tog God se kind - kyk, Hy gee die oorwinning! Maar dikwels val of faal ons ten spyte van ons beste voornemens. En dan fluister ons gewete: jy is nie ‘n kind van God nie, kyk maar net na jou lewe!
- Soms versterk die getuienis van medegelowiges ons, en dan weet ons: Ek behoort aan die Here, ek is syne. Ander kere vertel hulle egter van ervarings wat ons laat dink: so iets het nie met my gebeur nie. En die stemmetjie hierbinne vra: is ek dan gered?
- Soms verloop die lewe vir ons voorspoedig. Dan is glo ook maklik. Maar skielik kan alles omswaai en dan val die stortreën, die vloedwaters kom af en die winde waai teen ons lewenshuis net soos teen die van die ongelowige. Dan huil ons harte: Waar is ons God?

Die Here wil deur die nagmaal al die twyfelstemme stil maak sodat ons sy stem kan hoor en die goeie nuus van ons verlossing kan glo! Daarom kom Hy self na ons toe en wys vir ons die prys wat Hy betaal het om ons as syne te koop: Kyk, hierdie brood en wyn is my liggaam en bloed. Dit is vir jou om te eet. Want dit is vir jou wat ek daarmee gekoop het. Jy is myne, jy hoef nie, nee, jy mag nie daarvoor twyfel nie. Moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig!

En dan word die enigste ander stemme wat saak maak die van ander gelowiges wat saam met my lofsange sing omdat ons gered is.

'n Boer se tafelgebed**Outeur: Johan van der Merwe**

Vader, Seun en Heilige Gees,
 Met ons lewens sê ons dikwels vir U “Nee!”
 Dankie dat U ons nogtans genadig is.
 Dankie dat U vir ons bly “Ja!” sê, ten spyte van ons baie “Nee’s”.

Dankie dat ons U “Ja!” so duidelik hoor
 in elke blomkoolwolk wat reën beloof
 in elke kalf wat bokspring omdat die lug na water ruik
 in elke druppel wat uitsak oor dors aarde
 in elke grasspriet wat getrou uitspruit as sy tyd daar is
 in elke boerbok wat hom in groen weivelde verlustig
 in elke merino se wol
 in elke kalfie se geboorte
 in elke springbok wat pronk
 in elke ribbok wat skugter in die rantjie skuil

U “Ja!” ook in die mense wat vir ons omgee:
 ouers, broers, susters, kinders, kleinkinders en vriende,
 U “Ja!” ook in die voedsel op ons tafel – in die geur, kleur en smaak daarvan
 Die brood en die wyn nou hier voor ons,
 Wat ons herinner aan U grootste “Ja!” ooit:
 die liggaam en die bloed van U Seun, gebreek en gestort vir ons.

Ja, Here, ons beker loop oor.
 Ja, U is ons Herder, niks kan ons ontbreek nie.
 Ja, naby aan u aarde wil ons lewe en tot U eer wil ons bestaan.

Amen.

Outeur: Catherina van Siena - 14de eeu

Here, U is die ewige, drie-enige God
 U is ons tafel, U is ons voedsel en U bedien vir ons die voedsel:

- U, ewige Vader, is die tafel waar die Lam, u eniggebore Seun, vir ons aangebied word.
- U, Jesus Christus, is vir ons die kosbare voedsel.
 Wat u ons leer, voed ons met kennis van die Vader se wil.
 In die sakrament ontvang ons U en dit versterk ons terwyl ons as pelgrims en vreemdelinge deur hierdie wêreld gaan.
- U, Heilige Gees, bedien vir ons die voedsel.
 U deel ons die kennis van u liefde mee.
 U verlig ons verstand.
 U inspireer ons om God te dien.
 U gee ons liefde vir ons medemens.
 En as U ons so oorvloedig gevoed het, dring u ons om die verlossing in Christus aan die hele wêreld te bedien.

Laat u Naam verheerlik word.
 Amen.

Outeur: J. Evers-Kruit

Liewe Here

By u gedekte Tafel waar Brood en Wyn so duidelik spreek van u ontferming bring ons ons gebede vir al die nood in die wêreld om ons.

Ons, wat gesond is, bid vir die siekes.

Ons, wat geen pyn het nie, bid vir die wat ly

Ons, wat kan loop en staan waar ons wil, bid vir die wat aan 'n bed of in 'n huis vasgekleuster is

Ons, wat kan praat, sien en hoor, bid vir hulle wat stom, blind of doof is.

Ons, wat helder kan dink, bid vir hulle wat verstandelik gestremd is.

Ons, wat die gebruik van al ons ledemate het, bid vir hulle wat liggaamlik gestremd is.

Ons, wat oorvloed het, bid vir armes.

Ons, wat genoeg het om te eet, bid vir die wat honger is.

Ons wat woon in huise, bid vir hulle wat leef op straat of in vlugtelingkampe.

Ons wat vry is, bid vir die gevangenes

Ons, wat in vrede lewe, bid vir hulle wat in oorlogsgebiede woon.

Namens hulle almal en vir die wat treur en eensaam is, vra ons: Here, wees genadig!

Ons wil U nie vandag vra om U te ontferm as ons self nie bereid is om ons te ontferm nie.

Daarom bid ons vir die bereidheid, die liefde en die middele om hierdie nood te kan verlig.

So lewe ons volgens u wil.

Amen.

Outeur: VGK, Didache

Here, ons God, ons loof U as Skepper van hemel en aarde. Ons dank U vir die koringare uit die grond wat gemaal is tot hierdie brood, vir die druiwetrosse wat saamgepers is tot hierdie wyn. Ons loof U want U is die Gewer van alle goeie gawes. Ons loof U want U is Lig, en daar is geen duisternis in U nie.

Here Jesus, dankie dat U al ons luide en stille noodkrete hoor; dankie vir U ontferming. Staan vandag asseblief by elkeen van ons stil en doen vir ons wat ons uit ons harte van U vra.

Here, ons bid in die besonder vir die hereniging van u kerk op aarde:

'Soos wat hierdie gebreekte brood oor die berge gesaai was maar saamgebring is en een brood geword het, laat so ook u kerk uit die vier uithoeke van die aarde saamgebring word in u koninkryk, want aan U kom toe die heerlikheid en die krag deur Jesus Christus tot in ewigheid' (Didache 9:4).

Here,

Dit is U eenmalige offer wat ons aan hierdie tafel gedenk;

Dit is krag van u onvernietigbare lewe waaroor ons sing;

Dit is U koms in heerlikheid waarvoor ons wag.

Alle lof en eer behoort aan U, nou en tot in ewigheid.

Amen

As ons by die Nagmaalstafel gaan aansit**Outeur: Johannes Calvyn (1509-1564)**

Ons God en Vader, deur u Vaderlike liefde nooi U ons vandag om die tekens van u versoening met ons te ontvang. Ook u Seun Jesus, wat vir ons gesterf het, nooi almal wat moeg en oorlaai is. Ons weet daarom U sal beslis nie u dienaars wat om genade smee en verlossing soek in die lewe en dood van Jesus Christus, wegwys nie.

Daarom reik ek vandag uit na U: Vul my opnuut met u Heilige Gees. Gee dat ek na hierdie tafel sal kom met nederige ootmoed en met 'n begeerte om u genade te ontvang.

Gee dat wanneer ek vandag hierdie sigbare tekens ontvang, ek deur die geloof die gebroke liggaam van Jesus Christus en sy bloed wat ons voed vir die ewige lewe sal ontvang.

Amen

'n Gebed na die nagmaal**Outeur: Hongaarse Gereformeerde Liturgie (16de eeu)**

Almagtige God, hemelse Vader, ons prys U en verheerlik U, omdat U weer aan ons die oorfloedige seën van hierdie sakrament gegee het. U het ons versadig met die voedsel en die drank van die ewige lewe, en U het weer vir ons die tekens en seëls van U genade gegee. Noudat ons gevoed is met die seëninge van u offer, offer ons onself, ons liggaam en ons siel, as 'n heilige en kosbare offer, sodat ons almal wat so pas met Jesus Christus verenig is en deur Christus aan mekaar verbind is daagliks sal groei in die geloof, dat ons ons sal verbly in die hoop en dat ons ons sal verryk in die liefde van ons geloofsgenote. Mag lof, heerlikheid, eer en dank U heilige Naam toekom – nou en tot in ewigheid. Amen

Na die Nagmaal**Outeur: Jean Mestrezat (1592-1659)**

O my God, verlig my gedagtes al hoe meer, sodat ek kan verstaan hoe hoog en hoe diep, hoe lank en hoe wyd u liefde vir ons is.

So diep – dat u ons uit die kloue van die dood geruk het deur die dood van u Seun!

So hoog – dat u ons deur u Seun, en sáám met u Seun, verhoog en uiteindelik laat woon in die hemel.

So lank as wat die ewigheid is, en so lank die seëninge sal duur wat U vir ons voorberei het.

So wyd – dat u ons sonde van ons wegneem so ver en so wyd as wat die ooste en die weste van mekaar is.

Groot en wyd is die baie beloftes en seëninge wat U in Jesus Christus vir ons gee!

O God, U laat my toe om u wonderlike goedheid te beleef, en U het dit vandag vir my gewys deur die sakrament wat ek ontvang het. Help my om oor u goedheid na te dink met soveel vreugde dat ek vernuwe sal word, dat ek u beeld sal uitstraal, en u genade teenoor ander sal leef, en dat ek vol liefde vir U sal wees.

Amen.

Die Heilige Nagmaal**Outeur: Olive Wyon (1881-1966)**

Here, hierdie is u fees,
voorberei omdat u dit so begeer,
gedek op u bevel.
Ons woon dit by omdat U ons genooi het.
U woorde seën hierdie tekens.
U hande deel dit vir ons uit.
Dit is die ewige herinnering aan u offer aan die kruis.
Dit is die volle gawe van u ewige liefde,
waaraan ons dink totdat U kom.
Here, hierdie is die brood uit die hemel,
die brood van die lewe.
Elkeen wat daarvan eet, sal in alle ewigheid nooit weer honger wees nie.
Hierdie is die beker van vergifnis, genesing, vreugde, krag
Elkeen wat daarvan drink, sal in alle ewigheid nooit weer dors wees nie.
Daarom sit ons aan by u tafel, o Here.
Here Jesus, kom na ons toe.

Amen.

Outeur: Brian Wren

Christus leef en gaan ons voor
om ons te wys wat liefde doen.
Dit is die dag vir 'n nuwe begin;
Ons God maak alles nuut.

In geloof vergader ons om die tafel
om ons te laat proe wat liefde doen.
Laat ons vandag weer skoon begin;
Ons God maak alles nuut.

Outeur: Contemporary Prayers for Public Worship

Vir die brood wat ons geëet het
 Vir die wyn wat ons gedrink het
 Vir die lewe wat U gegee het:
 Vader, Seun en Heilige Gees,
 Sal ons u prys.

Vir die lewe van Christus in ons
 Wat al ons vrese oorwin
 Wat ons help om vir ander te leef:
 Vader, Seun en Heilige Gees,
 Sal ons u prys.

Vir die mag van Christus om ons te lei
 In lewe en in dood
 Tot aan die einde saam met al u mense:
 Vader, Seun en Heilige Gees,
 Sal ons u prys.

Outeur: Liturgie van Malabar
--

Versterk, o Heer, die hande wat heilige tekens hanteer het,
 dat hulle daaglik vrugte tot u eer mag voortbring.
 Gee, o Heer, dat die lippe wat u lof in u heiligdom besing,
 u vir ewig sal verheerlik.
 Gee dat die ore wat die stem van u liedere hoor,
 gesluit sal wees vir geskille.
 Gee dat die oë wat u groot liefde sien,
 ook u hoop sal aanskou.
 Gee dat die monde wat "Heilig" sing,
 vir altyd die waarheid sal praat.
 Gee dat die voete wat u heilige voorhowe betree,
 vir ewig sal wandel in die lig.
 En gee dat ons wat u lewende liggaam en bloed geproe het,
 vir ewig versterk mag wees tot nuwe lewe.

Outeur: George Appleton

O, my Here en my God, die lewensreis is te vermoeiend vir my,
 tensy U my voed met die brood uit die hemel
 en die wyn van die lewe;
 tensy U U eie oorwinning oor die sonde,
 haat, pyn en dood met my deel.

Laat U bloed deur my are vloei,
 U krag, my krag wees,
 U liefde, my liefde wees,
 en die wil van die Vader ook my wil wees.

Laat my met U een wees,
 in hart en siel en verstand.

Outeur: Offertory prayers, The Roman Missal

Ons loof U, Heer, God van die hele skepping.
 Deur u goedheid het ons hierdie brood,
 oes van die aarde en deur mensehande voorberei,
 om te breek.
 Dit word vir ons die brood van die lewe.

Ons loof U, Here, God van die hele skepping.
 Deur U goedheid het ons hierdie wyn,
 vrug van die wynstok en deur mensehande voorberei,
 om te skink.
 Dit word vir ons drank vir die gees.

Outeur: Wilhelm Jordaan

In drome vol van angs
 bedien my Heer my
 'n klein sakrament
 uit sy hand
 breek die maan
 wit wolke oop
 tot sagte nagmaalbrood
 En môre by ontbyt
 sit ek aan die tafel.
 Sny ek uit die bakkersbrood
 die nag se droom weer oop.
 O Vlees van die Woord
 voed my in hierdie môre
 met u hemelgraan
 dat iets van nagmaal
 in my dag bestaan.

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle

Soos die lig vandag weer oor ons opgekom het,
só het u liefde ons opnuut opgeroep
om u Woord op aarde te beliggaam,
om u heil met brood en wyn te vier
en dit aan ander uit te deel,
om bly te wees met dié wat bly is,
om te treur saam met dié wat treur,
om te help waar daar geen helper is nie.

Skryf U self dié taak op ons harte.

Gee dat ons u stem nie verlore sal laat raak
in die gewoel van ons daaglikse lewe nie.

Maak ons wat ons veronderstel is om te wees:

- vry, om te bevry,
- getroos, om te troos,
- geliefd, om lief te hê.

U het ons aan mekaar gegee,

tot u diens geroep

om herders te wees,

met al ons geloof en twyfel,

met al ons gawes en gebreke,

maar aangeraak deur u Gees. Amen.

Indeksering: Nagmaal Outeur onbekend

Uit die formulier:

Die nagmaal is 'n verkondiging van ons toekomsverwagting. Ons het in die nagmaal die versekering dat die Here een met ons is. Tog kyk die gemeente in die nagmaal vooruit na die wederkoms van die Here Jesus, en verkondig ons daarmee sy dood totdat Hy kom. Ons strek ons uit na die dag wanneer Jesus Christus in heerlikheid sal verskyn en alles tot volheid sal bring, die dag wanneer Hy die hemel en die aarde nuut sal maak sodat geregtigheid daarin kan woon – en God alles ... vir alles kan wees. In die nagmaal verlang die gemeente na die bruilofsmaal van die Lam.

Bevestig hierdie geloof deur die volgende gebed en belydenis:

Liturg: Kyk, Ek maak alles nuut.

Gemeente: Here, laat u nuutheid ons lewe binnekom.

Liturg: Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet.

Gemeente: Here, laat u water van die lewe ons dors les.

Liturg: Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

Gemeente: Here, omvou ons met u liefde.

Liturg: Kyk, Ek kom gou!

Gemeente: Here, ons bely dat ons nie altyd u toekoms verwag nie.

Liturg: Here, maak ons oë oop om U opnuut raak te sien as die Een wat gekom het, kom en weer kom,

Gemeente: sodat ons met vreugde en hoop kan lewe.

Liturg: Here, U beloop om alles nuut te maak,

- om vrede te bring waar daar geweld is,
- om spanning te verwyder waar woede heers,
- om gemeenskap te bring waar daar verdeling en haat is,
- om lyding weg te neem waar daar seer is,
- om nuutheid te midde van ons vasgelooptheid te laat deurbreek.

Gemeente: Kom, Here Jesus!

Liturg: Ja, kom gou! Amen.

Doop

Inrigting van doophandeling

Outeur: Johan van der Merwe, Breda Ludik

Doopouers opgeroep

Doopformulier

God het in die Ou Testament al 'n ooreenkoms met Abraham aangegaan (dit word 'n "verbond" genoem). Die goeie nuus? Julle nuwe babatjie is deel van daardie volk van God met wie Hy 'n spesiale verhouding wil hê. Die verbond is eintlik 'n soort testament waarin God 'n erfposisie aan sy kinders bemaak. By die doop bied God hierdie erfposisie aan julle kindjie aan. Wat behels die erfposisie? Jou kind word verseker dat God ook sy/haar God wil wees. Dit beteken:

- 1 Hy wil jou Vader wees wat vir jou sorg en jou liefhet.
- 2 Hy wil as Jesus Christus jou Verlosser en beste vriend wees.
- 3 Hy wil as Heilige Gees in jou kom woon en jou 'n nuwe mens maak.

Hierdie geskenk van God kan geen mens verdien nie, want ons sonde, waarmee ons al gebore word, veroorsaak dat ons die dood verdien. Dis Jesus wat die straf vir my sonde op Hom neem en aan die kruis in my plek sterf. Daarom kan Hy nou die Ewige Lewe as geskenk vir my aanbied. Dat julle babatjie nog niks hiervan verstaan nie is nie 'n probleem nie - dit sê juis hy/sy kan dit nie verdien nie, maar net ontvang.

Een van die maniere om te verduidelik wat daar in die kerk sal gebeur, is om te sê dis soos 'n opvoering met verskillende karakters. Dis belangrik om te besef wat elke karakter se rol is.

- God. Hy is die hoofkarakter. Hy neem die inisiatief. Hy staan voor julle babatjie met 'n aanbod - Ek wil jou God wees - en met 'n versoek - sal jy my kind wees? Dis amper soos 'n huweliksaansoek.
- Die kind. Hy/sy verstaan nou nog niks nie. Soos hy/sy groter word, moet dit vir hom/haar verduidelik word en hy/sy moet op die punt kom waar hy/sy dit ook aanvaar en sê: "Ja, Here, ek wil U kind wees. Dankie dat U al klaar vir my 'n Vader is."
- Die ouer. Die ouer moet self 'n persoonlike verhouding met die Here hê en dit voor die kind leef. By die doop wy die ouer die kind aan die Here. Die kerk help maar net die ouer (bv. met Sondagskool) om hom/haar van die Here te leer. Dit bly die ouer se verantwoordelikheid om vir die kind te wys dat die Here leef en hom/haar liefhet.
- Die gemeente. Die gemeente is by die doop getuies van julle belofte. Hulle is verder die familie waarby julle babatjie ingetrek word. Hulle is ook julle broers en susters wat julle moet help met die groot taak.

Daar is verkeerde redes om jou kindjie te laat doop!

- Dit is miskien deesdae effens minder so, maar vroeër was jy heeltemal "uit" as jy nie gedoop is nie en as jy nie jou kinders laat doop nie. Om 'n goeie Afrikaner te wees het beteken om aan die NG Kerk te behoort, gedoop te wees en jou kinders te doop. Mense het dikwels nie twee keer gedink oor wat dit beteken om gedoop te word nie - dit word maar net so gedoen! Moenie om hierdie rede doop nie!

- Mense was bang dat as hulle kindjie nie gedoop is nie, hy iets kan oorkom of, nog erger, nie gered sal wees nie. Die doop kan jou nie red nie. Dis wel 'n teken daarvan dat God jou so liefhet dat Hy sy Seun in jou plek laat sterf het, sodat jy kan lewe.
- Onthou ook asseblief dat die doop nie 'n naamgee-seremonie is nie. Die kindjie het reeds 'n naam. By die doop kom bied God aan om hierdie kindjie se God te wees.

Antwoord op doopvrae

Ten eerste: Bely u dat, hoewel ons kinders as sondeurs in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hulle nogtans in Christus aan God behoort en daarom as lidmate van sy gemeente gedoop moet word?

Ten tweede: Bely u dat die leer van die Ou en Nuwe Testament wat ook in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer, word, die ware en volkome leer van die verlossing is?

Ten derde: Beloof u om hierdie kind, van wie u vader en moeder is, in dié leer na die beste van u vermoë te onderrig en te laat onderrig?

Kindjie word ingebring

Geloofsbelydenis / Hernuwing van doopbeloftes

Liturg:

Ons dink hier daaraan dat ons saam met Christus gesterf het en begrawe is deur ons doop.

Ons weet egter dat ons ook saam met Hom opgewek is tot 'n nuwe lewe.

Daarom bevestig ons opnuut die beloftes wat gemaak is by ons doop.

Ons bely opnuut ons verbondenheid aan Christus.

Ons verwerp opnuut die selfsugtige werke in ons lewens voordat Christus vir ons 'n werklikheid was.

Liturg: Bely u u sonde met berou?

Gemeente: Ons bely ons sonde met berou.

Liturg: Draai u om na Christus toe?

Gemeente: Ons draai om na Christus toe.

Liturg: Het u saam met Hom gesterf?

Gemeente: Ons het saam met Hom gesterf.

Liturg: Het u saam met Hom opgestaan?

Gemeente: Ons het saam met Hom opgestaan.

Liturg: Bely dan u geloof in die drie-enige God.

Gemeente:

Ek glo in God die Vader, wat alles geskep het.

Ek vertrou sy Seun, wat die mensdom kom verlos het.

Ek glo in die Heilige Gees wat my daagliks vernuwe en lei.

Doopbediening



Die water is ‘n simbool

- van reiniging: dat God my sonde en skuld wil afwas.
- van my dood: die ou mens sterf asof hy/sy verdrink
- van my nuwe lewe

Die kindjie word op die gebruikelike wyse gedoop.

Liturg spreek die dopeling aan:

“X, jy behoort aan God en ons eien al God se beloftes vir jou toe.”

Liturg spreek die gemeente aan:

“Gemeente van die Here Jesus Christus, mag ek u voorstel aan ons nuwe lidmaat, X.”

Gebed (dankgebed en voorbidding)**Sang****Gelukwensing en oorhandiging van Bybel en doopkersie**

Die idee is dat die doopkersie elke jaar met die herdenking van die kindjie se doopdatum as ‘n herinnering aangesteek sal word.

Klokke lui tydens gelukwensing

Aankondiging dat God Hom verbind tot hierdie kindjie.

Gebed van skuldbelydenis**Outeur: Presbiteriaanse Kerk, Kameroen**

O Here, met smart en teleurstelling bely ons voor U dat ons gefaal het en U teleurgestel het.

Om te dink U het soveel vertrouwe in ons gestel ...

Vir soveel jaar is u Woord al onder ons verkondig, maar het dit so min vrug gedra.

Ons het nie soos verlose mense gelewe nie.

Omdat ons so min liefde, vreugde en toewyding uitstraal, is daar nog steeds mense, selfs van ons eie familie en vriende, wat U nog nie aangeneem het as hulle Here en Verlosser nie.

Selfs van hulle wat in ons gemeente gedoop is en in ons midde groot geword het, het koud geword en weggedraai van U af, o Here.

Die mag van geweld en haat, onreg en materialisme van die verlede én nou is nog nie in ons land verbreek nie.

Ons verootmoedig ons voor U in skaamte en pleit by U, deur Jesus Christus, U Seun, ons Here.

Amen.

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle

Ons wil U dank, Onuitspreeklike,

omdat U in lewe en dood

aan ons verbonde is.

U het die aarde geroep

uit die water van die sondvloed.

U het 'n nuwe begin

met u skepping gemaak

deur Noag en die diere

te red uit die groot vloed.

U het u volk Israel

uit slawerny bevry

en deur die water van die see

na die beloofde land gelei.

U het ons u Seun aangewys

toe Hy in die water

van die Jordaan gedoop is.

U het Hom opgewek uit die dood

as Eersgeborene van u nuwe toekoms.

Laat die water vir ons 'n teken wees

dat U ook in dié tyd 'n gemeente roep

van heinde en verre, gedoop in Jesus se doop

wat met Hom gesterf en opgestaan het,

lewend deur die Gees

op weg na die beloofde land. Amen.

Bevestiging in Ampte

Handeling vir die bevestiging van kerkraadslede

Outeur: Barnard Steyn

Inleiding

Die handeling vir die bevestiging van kerkraadslede het ontstaan in 'n klein, plattelandse gemeente met 6 wyke met 'n ouderling en diaken vir elke wyk. Die gemeente het 'n Menorah-kandelaar vir ouderlinge (Christuskers met ses wykskerse) en 'n Menorah-kandelaar vir diakens (Christuskers met ses wykskerse) wat vir die bevestigingsritueel gebruik word. Die handeling verloop min of meer soos volg:

Agtergrond van Menorah

'n Beeld praat soms duideliker as 'n 1000 woorde en daarom gaan die bevestiging van kerkraadslede vanmôre in die vorm van 'n ritueel wees. Die twee bekende kandelare in ons kerk het 'n Joodse naam - Menorah. In Eksodus 25:31a en 32a kry Moses opdrag om 'n Menorah te maak:

“Jy moet 'n kandelaar van suiwer goud maak”

“Daar moet ses arms uit die stam vertak,”

“drie aan elke kant”

Daar is 'n interessante wonderwerkverhaal wat die Jode oor die Menorah vertel. Dit het gebeur in die swaar tyd vir hulle tussen die OT en die NT. Die Siriëse heerser, Antiochus IV Epifanus, het hulle geloof probeer onderdruk deur die verskriklikste dinge te doen. So byvoorbeeld is die afgod Zeus in die tempel aanbid en varkvlies op die altaar geoffer. 'n Opstand uit die platteland is deur Judas Makkabeus (Die Hamer) gelei en hulle het tot in Jerusalem gevorder. In die tempel vind hulle 'n gehawende Menorah met net genoeg olie vir een dag. Dit sou hulle agt dae neem om van dié spesiale olie te vervaardig. Die brandende Menorah was vir hulle te teken van God se teenwoordigheid in die tempel en hulle besluit om dit aan die brand te steek. Die wonderwerk gebeur toe dat 'n dag se olie agt dae brand.

Gedeeltelike aanhaling van 'n verklaring oor die Menorah deur Joodse Christene:

In die Menorah herinner die middelste kers – die sg Diensknegkers – ons aan Jesus wat van Homself gesê het: “Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien ...”(Matteus 20:28). Soos die Diensknegkers die bron van lig is vir al die kerse, so is Jesus die enigste bron van lig in ons lewens. Johannes 1:9 sê van Jesus: “Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe”. Vir Messiaanse gelowiges is die beeld ryk aan betekenis: Jesus, die “lig vir die wêreld”(Johannes 8:12) het as Dienskneg gekom (Markus 10:45) om lig vir almal te gee (Johannes 1:4-5) sodat ons ook lig vir ander kan wees (Matteus 5:14).

Ritueel

Afsonderlike wyke se uittredende en nuwe kerkraadslede kom staan, soos hulle geroep word, voor die preekstoel.

Diakens

- Beweeg na linkerkantste Menorah
- Leraar steek diakenkers by die Christuskers aan
- Leraar bedank uittredende diaken en oorhandig diakenkers

- Uittredende diaken wens nuwe diaken seën toe en oorhandig diakenkers
- Nuwe diaken steek wykskers in Menorah aan
- Uittredende diaken keer terug na sitplek en nuwe diaken bly vir bevestiging

Ouderlinge

- Beweeg na regterkantste Menorah
- Leraar steek ouderlingkers by die Christuskers aan
- Leraar bedank uittredende ouderling en oorhandig ouderlingkers
- Uittredende ouderling wens nuwe ouderling seën toe en oorhandig ouderlingkers
- Nuwe ouderling steek wykskers in Menorah aan
- Uittredende ouderling keer terug na sitplek en nuwe ouderling bly vir bevestiging

Gemeentelede

Terwyl die ritueel aan die gang is, speel Taize-musiek en gemeentelede bid vir die bediening in die wyk waarop die ritueel fokus.

Bevestiging

- Lees Handeling 6:1-4 vir diakens
- Lees Handeling 20:28-35 vir ouderlinge
- Bevestiging

Uitstuurformulier**Outeur:** Studentekerk Stellenbosch

Op grond van die geloof in een lewende God, die Vader van wie ons almal die lewe ontvang, Sy Seun Jesus Christus, ons Verlosser en Heer en die Heilige Gees, wat ons daaglik verander en vernuwe, verbind die lidmate van [*Gemeente N*] hulle om in die hele wêreld getuies te wees van Sy genade en liefde, Sy vrede en reg.

Om uitdrukking te gee aan hierdie verbintenis en om gehoorsaam te wees aan die laaste opdrag van Jesus Christus is dit die heerlike voorreg van [*Gemeente N*] om lidmate wat hulle kom aanmeld vir die Sending namens die gemeente uit te stuur.

Die persone wat hier voor u verskyn, is deur die sendingkommissie, namens die kerkraad, goedgekeur om volgende jaar as gestuurdes van die gemeente in verskillende wêrelddele die goeie nuus van die evangelie te gaan uitdra.

Daarom versoek ons hulle om opreg op die volgende vrae te antwoord.

Ten eerste: Is jy daarvan oortuig dat God self jou deur sy gemeente tot hierdie taak en besondere diens geroep het?

Ten tweede: Aanvaar jy die Ou en die Nuwe Testament as die enigste onfeilbare Woord van God en as volkome leer van die verlossing en verwerp jy alle leringe wat daarmee in stryd is?

Ten derde: Belowe jy om jou taak volgens hierdie leer getrou te vervul?

Ten vierde: Beloof jy om te alle tye tot eer van God te lewe en om as gestuurde van Jesus Christus en sy gemeente, *N*, getrou te wees in die uitvoering van jou roeping?

Gemeente, aanvaar hierdie manne en vroue as gestuurdes van die Here. Wees getrou om hulle te ondersteun in voorbidding en met sendingdankoffers. Werk met hulle saam, want die werk wat aan hulle opgedra is, bly steeds die opdrag aan die hele gemeente.

As gemeente gee ons graag aan julle as ons sendelinge die belofte van Jesus aan sy dissipels in Handeling 1:8: *“Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in Judea en Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

Gebed:

Here onse God,

Ons aanbid U in dankbaarheid. Ons loof U as die Een wat U kerk deur die eeue heen bewaar, versorg en laat groei. Ons dank U vir hierdie geliefde kinders van U wat U afsonder uit die gemeente om uitvoering te gee aan U laaste opdrag om die Evangelie te dra tot in die uithoeke van die aarde.

Ons dra hulle aan U op en bid dat u hulle elke dag sal versorg en sal lei op hulle onbekende paaie. Inspireer hulle en rus hulle toe met die krag van u Gees. Seën hulle met die keur van u seëninge. Help ons almal om u stem te hoor, gehoorsaam aan u te wees en dankbaar saam te werk aan die opbou van u gemeente.

Mag alles wees tot eer van u Naam. Amen.

Uitstuurformulier**Outeur: Vertaal en verwerk deur ds PJ Bester**

Ons glo dat jy met die Hand uitgesoek is om 'n besondere plek in die Koning se ryk in te neem. Ons stel geen spesiale eise aan jou nie - dit is spesiaal om Christen te wees.

Daar word nie nou van jou verwag om anders te leef nie, dit word al sedert jou bekering van jou verwag.

Daar word van jou verwag om betrokke te raak by sake in jou omgewing, sosiale kwessies, ekologiese vraagstukke of mense se ekonomiese omstandighede; dit word immers van elke Christen verwag.

Jy word bevestig en geroep tot iets baie eenvoudigs en nie juis skouspelagtigs nie:

- Jy moet gaan kennis maak met die onbekendes
- Jy moet die vreemdelinge na die feesmaal bring.
- Jy moet die siekes en behoeftiges gaan help en aan die Here opdra.
- Jy moet gaan vrede maak waar rusie is.
- Jy moet verharde harte met liefde gaan sag maak.
- Jy moet Jesus gaan leef, want Hy leef in jou.

Dit alles kan jy doen want die gemeente stuur jou

- in die naam van die Vader wat wag op die verlore seun se terugkoms,
- in die naam van Jesus wat sondaars verlos en
- deur die Heilige Gees wat jou persoonlik sal lei en krag gee.

U het ons gekies om U te dien**Outeur: Johannes Calvyn (1509-1564)**

Almagtige Heer, U het dit goedgevind om ons te gebruik om U dienaars te wees; meer nog, U het ons gekies toe ons nie alleen van die geringstes was nie, maar selfs wêrelds en vreemd aan alle heiligheid – en U het ons vir U afgesonder deur U Heilige Gees. Skenk ons nou die genade dat ons onself aan U sal gee as heilige offers.

Here, laat ons tog altyd bewus bly van U opdrag en U roeping. Laat ons onself afsonder in U diens – op so 'n manier dat ons aan U ons ywer en ons arbeid sal gee. Mag U Naam waarlik in en deur ons verheerlik word – en mag dit sigbaar word dat ons deel het aan die liggaam van U enigste Seun. Jesus is ons Hoof, die enigste, die ewige Priester – gee tog dat ons self ook u uitverkore priesterdom sal wees wat u Naam sal verheerlik – sodat U ons waardig mag ag om ons aan te neem as sy medewerkers. Amen.

Gebed wanneer lidmate in ampte bevestig word**Outeur: Christian Reformed Church**

Genadige Vader in die hemel, ons dank u dat u vir ons getroue mense met geestelike gawes gegee het om as ouderlinge en diakens te dien. Waar hierdie ampsdraers nou hulle verantwoordelikhede opneem, vul hulle met u Gees, oorlaai hulle met u wysheid en gee aan hulle krag. Maak hulle getroue werkers in u wingerd. Mag hierdie gemeente van U onder hulle leiding en voorbeeld groei in elke geestelike gawe, in geloof wat oop en onbeskaamd is en in die toegewyde diens waardeur die koms van U Koninkryk blyk. Help hulle om hulle pligte met entoesiasme en nederigheid na te kom. In hulle werk, gee vir hulle 'n voortdurende besef van U grootheid, dat hulle U, hulle Here, steeds sal bewonder en verheerlik. Mag u Naam deur hulle verheerlik word en u kerk gedien word. Help ons, u volk, om hulle met vreugde te ontvang, altyd aan te moedig en te respekteer ter wille van u kosbare Seun, ons Here, in wie se Naam ons bid.

Amen.

Doksologie

Outeur: Ruth C. Duck and Maren C. Tirabassi
--

Begeleier van eensames
 Verbinder van wonde
 Soeker van verlorenes
 Vriend van armes
 Bron van alle dinge
 Vergewer van sonde
 Stem vir die stemloses
 Raadsman vir die verwardes
 Skuiling teen die storms
 Skepper van hemel en aarde
 Ons aanbid U en eer U, op ons beskeie manier.

Outeur: Fransiskus van Assisi

U is heilig, Here.
 U is die enigste Here.
 U dade is wonderlik.
 U is magtig – die Almagtige.
 U is groot – die Allerhoogste.
 U, heilige Vader, is Regeerder oor die hemel en die aarde.
 U is Drie in Een, Here God, die bron van alles wat goed is.
 Lewende God, Ewige Waarheid
 U is Liefde
 U is Wysheid
 U is Nederigheid
 U is ons Rus,
 U is ons Vrede
 U is ons Vreugde.
 U is Geregtigheid en Sagmoedigheid.
 U is ons Rykdom – U sorg vir ons.
 U is Skoonheid
 U is Teerheid
 U is ons Beskermer en ons Bewaarder.
 U is ons Veilige Hawe en ons Enigste Hoop
 U is ons enigste Troos, die Een in wie ons glo.
 U is ons Ewige Lewe, groot en wonderbare Heer.
 God Almagtig, genadige Verlosser.

Kom nou, verheerlikte Heer
 En verlig die duisternis van ons hart en verstand.
 Gee ons 'n ontvanklike geloof, 'n vaste hoop en 'n volmaakte liefde
 Sodat ons altyd en in alles in u Wil sal lewe.

Amen.

Die Loflied van die Skepping (Die lied van broer son)**Outeur: Fransiskus van Assisi**

Aan U alleen, Allerhoogste, kom al die eer toe
en geen mens is waardig om U aan te roep nie.
Die hele skepping bring aan U die lof.
Veral broer son, wat die dag is,
en deur wie U ons verlig.
Hy is mooi en straal met groot heerlikheid.
Hy weerspieël u lig, Allerhoogste.
Aan U die eer, my Here, deur suster maan en die sterre.
In die hemel het U hulle geplaas,
skitterend, kosbaar en mooi.
Aan U die eer, my Here, deur broer wind
en deur die lug en die wolke,
die helder weer en elke jaargety,
waardeur U u skepping aan die lewe hou.
Aan U die eer, my Here, deur suster water,
wat so bruikbaar is, so nederig, kosbaar en suiwer.
Aan U die eer, my Here, deur broer vuur,
deur wie U vir ons die nag verlig.
Hy is mooi en vrolik, ferm en sterk.
Aan U die eer, my Heer, deur suster aarde,
ons moeder wat ons aan die lewe hou en lei
en soveel plantsoorte, kleurryke blomme en blare voortbring.
Aan U die eer, Here, wanneer mense vergifnis skenk omdat hulle U liefhet.
Aan U die eer, Here, wanneer mense siekte en verdrukking in U vrede dra.
Deur U, Allerhoogste, sal hulle gekroon word.
Aan U die eer, my Here, deur ons suster, die liggaamlike dood, waaraan geen mens kan ontsnap nie.
Wee die wat sterwe in doodsonde.
Gelukkig is die wat deur U aangetref word waar hulle besig is om U allerheiligste wil te doen,
want die tweede dood sal aan hulle geen kwaad doen nie.
Ek loof U, my Here.
Ek dank en dien U in groot nederigheid.
Amen.

Outeur: IL de Villiers

Verrese Heiland,
 die kerkklokke lui vanoggend anders. Hulle is Paasklokke.
 Hulle lui oor die vallei.
 Hulle lui oor die stad.
 Hulle lui oor die wêreld.
 Die Here het opgestaan!
 Ja, Hy het waarlik opgestaan!
 Saam met Christene oor die wêreld, al u kinders,
 wil ek aanbid, Oorwinnaar!
 Saam met die klokke wil ek juig
 oor die wonder van 'n graf in 'n tuin
 wat oopgegaan het om nooit weer toe te gaan nie.
 Daar's 'n pad getrap deur die dal van die dood.
 U het dit uitgetrap.
 U het bloedspore getrap.
 Die pad gaan deur die dood
 na die ewige lewe.
 Ek gaan dié pad volg as U my roep.
 Ek het saam met U opgestaan, Here Jesus.
 Hier binne-in my hart is dit al anders.
 Ek was met U in aanraking.
 U het my aangeraak.
 Ek sal nooit sterf nie.
 Want U leef!
 U leef!
 Ek juig oor U, Here Jesus.
 Ek juig saam met die Paasklokke.
 Ek juig in die môre,
 oor 'n nuwe môre
 wanneer die klokke nie sal ophou nie,
 wat sal môre bly
 en nooit aand word nie.
 Amen.

Outeur onbekend

Aan u behoort die Heerlikheid, o God, omdat U Jesus uit die duisternis van die dood opgewek het.
 Aan u behoort die Heerlikheid, Jesus Christus, omdat u liefde vir ons so groot was dat U bereid was
 om die hoogste offer te betaal ten einde die dood te verslaan sodat ons die gawe van die Ewige
 Lewe kan hê.
 Dankie dat U ons vanmôre elkeen by die naam wil groet, soos U Maria in die graftuin gegroet het.
 Ons wil soos sy antwoord: "Rabboeni! My Here!" en nooit weer dieselfde wees nie.
 Opgestane Here, ons aanbid U en verwonder ons aan u grootheid.
 Ons bid dat U Heilige Gees, wat die Lewe in ons giet, ons so sal verander dat ons hoe langer hoe
 meer u heerlikheid sal vertoon en u lig sal weerspieël in 'n wêreld wat dit dringend nodig het,
 omdat dit steeds vasgevang is in die magte van dood en sonde.
 Amen

Outeur onbekend

Jesus Christus

Ons Hoop, ons Lewe, die Weg, ons Verlossing, Wysheid, Lig, ons Regter, die Deur waar ons deur gaan, Allerhoogste, Koning, Profeet, Priester, Messias, Leermeester, Bruidegom, Middelaar, Emmanuel, Wingerdstok, Herder, ons Vrede, die Lam, die Leeu, die Een wat vir ons intree, ons Rots,

dit alles, en meer, is U vir ons.

Amen.

'n Aanbiddingsgebed vir Kerstyd
--

Outeur: JH Gunning (1829-1905)

Here Jesus, Redder en Verlosser van die mensdom, Eniggebore Seun van die Vader, Helder Môrester. Son van Geregtigheid, ons dank U dat U deur ons duisternis gebreek het en dat u helder majesteit nooit sal ophou nie. Die aartsvaders het op U gehoop; Abraham was bly dat U sou kom; die wyses het op U gewag; die heilige profete het U koms voorspel; wyse manne uit die Ooste en skaapwagters van Betlehem het na U in die krip kom kyk; die engelekore het gesing by u geboorte; apostels, martelare en heiliges het die lied van die engele ge-eggo, en saam met hulle almal verheerlik en prys die kerk U in alle tale as die Koning en Here.

Ons eer u deernis met ons, u genade en u barmhartigheid vir ewig.

Amen.

Outeur: Henri Capiou (1909-1993)

Sondagoggend

Here, ons besing U en bring U ons dank. Want, ten spyte van ons pyn en mislukkings, ja te midde van ons pyn en mislukkings, weet ons dat U 'n God is wat 'n mens maar net kan bewonder, loof en liefhê in Jesus Christus.

Vir die wêreld, wat so mooi is, maar so broos;

Vir lewe, so kosbaar, maar so bedreig;

Vir hierdie onmeetlik groot heelal waarin u Koninkryk kom, loof ons U.

Vir hierdie Sondag, waarop ons weer u opstanding mag vier, en vir u kerk wat ons as gemeenskap van gelowiges byeenbring, loof ons U.

Vir u Evangelie, vir ons doop, vir ons begeerte om U te dien, vir die belofte van 'n ewigheid met U, loof ons U.

En omdat ons U en mekaar hier op aarde mag liefhê, omdat Christus ons liefhet, loof ons U, Here, met vrede en vreugde.

Amen.

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle

Alle eer en glorie
aan u luisterryke NAAM
ons vier die versoening en vrede wat U uitroep oor ons bestaan
AANGESIG vol van lig
steek ons met u strale aan
Alle eer en alle glorie
vir die Seun, u erfgenaam
Hy, wat genadig ons
benoem met 'n nuwe naam
LIG uit lig
vergesig
Steek ons met u strale aan
Alle eer en alle glorie
vir die Gees, wat lewe gee
wat eenheid in ons adem
vlam, wat ons getrou voed
LEWENSSON
Liefdesbron
steek ons tonge met u strale aan

Toewyding

Outeur: Ignatius van Loyola

Neem, o Here, my vryheid, my gedagtes, my begrip en my wil.
 Alles wat ek is en alles wat ek het, het U aan my gegee.
 Ek gee dit alles aan U oor sodat U dit kan gebruik soos U wil.

Gee my net u liefde en genade - dan is ek ryk genoeg en sal ek niks meer begeer nie.

Outeur: Thomas Merton

My Here en my God,
 Ek het geen idee waarheen my lewenspad my lei nie,
 Ek sien nie die pad voor my nie,
 Ek weet nie met sekerheid waar dit sal eindig nie.
 Ek ken ook nie regtig myself nie en die feit dat ek dink ek volg u wil, beteken nog nie dat ek
 werklik u wil volg nie.

Maar ek glo dat die begeerte om u te behaag, u wel behaag.
 En daardie begeerte het ek in alles wat ek aanpak.
 Ek wil niks buite hierdie begeerte doen nie.
 En ek weet dat as ek só lewe, U my op die regte pad sal lei,
 al is dit 'n onbekende pad.

Daarom sal ek U altyd vertrou,
 Selfs as dit begin lyk of ek verdwaal het
 en ek in die dal van doodskaduwee verkeer.
 Ek sal nie vrees nie, want U is altyd by my
 En U sal my nooit verlaat om teenspoed alleen aan te durf nie.

Amen.

Gebrokenheid voor God

Outeur: Henri Nouwen

Here God, skenk my die begeerte om te bid. Dit bly vir my so moeilik om my tyd met oorgawe vir U te gee. Ek is gulsig vir tyd – tyd om bruikbaar, effektief, en suksesvol te wees, tyd om iets te verrig, te produseer, tyd om uit te blink.

Maar U, Here, wil niks meer hê as my blote teenwoordigheid nie. U wil net hê dat ek in nederigheid my broosheid voor U sal erken, dat ek my sonde aan U sal bely sonder om dit te verdedig. Dan kan U die strale van u liefde in my hart laat indring en my die diep wete gee dat ek kan liefhê omdat U my eerste liefgehad het. Dat ek aanvaarding kan aanbied omdat U my eerste aanvaar het, en dat ek aan ander kan goed doen omdat U eerste vir my U goedheid gewys het. Wat hou my terug, Here? Wat maak my dan so huiwerig en gierig, so versigtig en berekend? Besef ek dan nog steeds nie dat ek niks meer nodig het as net vir U nie? Bou ek dan nog steeds die een of ander vorm van reserwes op net vir ingeval U my nie kan help nie? Asseblief, Here, help my om op te hou om hierdie onvolwasse speletjies te speel, en leer my U liefhê - vry, roekeloos, oorvloedig.
 Amen.

Onbeantwoorde gebed
Outeur onbekend

Ons genadige God, U het ons vir U uitgekies, omdat U ons so ontsettend liefhet. U gee ons soveel ryke beloftes; en ons getuig daarvan dat ons nooit tevergeefs tot U nader nie. Ons kan getuig van u getrouheid. U beloftes is vas en waar. U seëninge is oorvloedig – meer as wat ons kan dink. Ons dank U vir die voorreg om te mag bid – en vir u antwoorde op gebed. Ons is bly dat U nie altyd antwoord soos ons vra nie. Ons is soos blindes en vra gedurig dinge wat nie noodwendig vir ons goed is nie. As U aan al ons versoeke toegee het, Here, sou ons in ons onkunde onself al lankal benadeel het. Ouers gee immers ook nie vir hulle kinders alles wat hulle vra nie, maar net dít wat vir hulle die beste sal wees. In u groot voorsienigheid sien U ons onkunde en hardkoppigheid oor – en U gee vir ons nie wat ons van U vrá nie, maar wat ons nodig het. En dag vir dag red U ons van gevaar en vernietiging omdat U beter weet, en omdat U ons so oneindig liefhet. Amen.

Volkome oorgawe aan die Here
Outeur onbekend

Here my Redder, gebruik my vir watter doel ook al, of op watter manier U my ook al mag nodig hê. Hier is my hart, 'n leë kruik - kom vul dit met u genade. Hier is my sondige en besorgde siel – laat dit herleef, en verfris dit met u liefde. Maak vir U 'n woonplek in my hart; laat my mond die heerlijkheid van u Naam besing. My liefde en al my kragte gee ek vir U om te gebruik tot U eer. Here, moet nooit toelaat dat die standvastigheid en die vertrouwe van my geloof minder word nie. Ek wil altyd met my hele hart kan sê: "Jesus het my nodig, en ek vir Hom."
 Amen.

Gebed om God se nabyheid te ervaar
Outeur: Corrie ten Boom (1892-1980)

Vader, U weet dat ek op U vertrou. Tog voel dit soms of U ver weg is. Wys my in sulke tye of ek nie dalk op iemand of iets anders as U begin vertrou het, in plaas van op U alleen nie. Ek weet U sal altyd met my wees. Hou my na aan U. Ek loof U!

Amen.

Gebed van toewyding
Outeur: Willem A. Visser't Hooft (1900-1985)

Here, ons wil u instrumente wees. Ons het niks om u aan te bied, behalwe ons begeerte om u in die wêreld te gaan dien nie. Maar ons ken U as die een wat die onbenullige dinge van hierdie wêreld vir u gebruik uitkies. Dan sal U tog sekerlik ook vir ons, selfs vir ons, uitkies om u dienaars te wees? Ons kan nie uit ons eie u boodskap aan die wêreld oordra nie. Skenk aan ons die vermoë om nie ons eie woord nie, maar u Woord te spreek, die Woord waardeur mense U leer ken en liefkry. Skenk aan ons die moed om die Naam van Jesus Christus voor die wêreld te bely. Help ons om die nood van mense vir ons aan te trek, 'n naaste vir hulle te wees en met hulle te deel wat U ons geskenk het. Ons vra nie om die vrug op ons werk te sien nie. Ons wil net weet dat U ons gebruik om u verlossingswerk te verkondig en dat u Koninkryk gebou sal word. Stuur ons, Here, as getuies van die goeie nuus van u liefde, soos U dit in Jesus Christus vir ons openbaar het.

Amen.

Outeur: Bisantynse vespers / gebede

Jesus Christus, ons weet wat u opdragte is.
 Laat dit dan ons lewenswyse bepaal:
 laat ons die wat honger is iets te ete gee,
 laat ons die wat dors het, iets te drinke gee,
 laat ons klere gee vir hulle wat sonder klere is,
 laat ons vreemdelinge verwelkom,
 laat ons siekes en gevangenes besoek.
 Dan sal U wat regverdig oordeel vir ons sê:
 Kom, julle wat deur my Vader geseën is!
 Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei.
 Neem dit as erfenis in besit.
 Amen

Outeur: George Appleton

Heer, my hart is te klein,
 my geheue is te swak,
 en my wil is nie sterk genoeg nie.

Maak my hart meer ontvanklik,
 laat ek die goeie vinniger onthou,
 maak my wilskrag sterker...
 en maak my nog meer van U teenwoordigheid bewus,
 U wat altyd by my is.

Outeur: Na 'n gebed van Margaret Cropper (1886-1980)
--

As ek U aanbid, o Heer,
 word u gedagtes my gedagtes,
 word u liefde in my hart geplant,
 en word ek deel van die pyn wat U vir ons wêreld verduur.

Outeur: Augustinus (354-450)
--

U skep in ons die behoefte om ons in U te verheug;
 want U het ons vir Uself gemaak, en ons harte bly rusteloos totdat ons rus vind in U.

Outeur: John Byrom (1692-1763)
--

My gees verlang na U,
 diep binne in my vermoeide hart,
 selfs al is ek so 'n heilige Besoeker nie waardig nie.
 In die teenwoordigheid van so 'n goddelike Besoeker is ek onwaardig,
 en tog vind my hart geen rus nie,
 totdat dit in U berusting vind.

Outeur: Anselmus (1033-1109)

Here Jesus Christus, gee dat ek sal soek om U te begeer,
 en begeer om U te soek;
 Laat ek U vind, deur U lief te hê,
 en U liefhê deur U te vind.
 Ek bely, Here, met danksegging,
 dat U my na U beeld gemaak het,
 sodat ek aan U herinner kan word, oor U kan nadink en U kan liefhê.
 Maar hierdie beeld is so vervorm en bevlek deur foute,
 so swartgesmeer deur sonde,
 dat dit nie langer kan deug vir die doel waarvoor U dit gemaak het nie,
 tensy, Here, U dit hervorm en dit nuut maak.
 Here, ek probeer nie om op U vlak te kom nie,
 my insig is nie met U insig te vergelyk nie,
 maar ek begeer om iets van U waarheid te verstaan.
 Waarheid waarin my hart glo en waarvoor ek lief is.
 Ek probeer nie om eers te verstaan om dan te kan glo nie;
 ek glo om dan te kan verstaan;
 nog meer
 ek is daarvan oortuig dat sonder geloof ek nooit sal verstaan nie.

Outeur: Martin Luther (1483-1546)
--

Liewe Jesus, heilige Kind,
 Kyk in my hart en mag U vind:
 'n spierwit bedjie, rein en sag,
 waar ek in stilte op U bly wag.

Outeur: St Clement van Rome c. 100

Almagtige Vader van ons Here Jesus Christus, ons bid dat u Heilige Gees ons harte sal vul sodat ons in die waarheid gewortel en gegrondves sal wees. Openbaar aan ons wat ons nie weet nie, vervul ons behoeftes, laat ons vas staan in dit wat ons al geleer het en help ons om vlekkeloos in u diens te bly.

Outeur: EB Pusey (1800-1882)

Verlosser, uit onself kan ons u nie liefhê en u nie volg, en nie aan u getrou bly nie.
 Maar u het na ons gekom sodat ons u kan liefhê.
 U het opgevaar sodat ons u kan volg.
 U het ons soos 'n gordel om u gebind dat ons aan u verbonde sal wees;
 U wat ons liefgehad het, gee dat ons U sal liefhê.
 U wat ons gesoek het, gee dat ons u sal soek.
 U wat ons gevind het toe ons verlore was,
 Wees Usself vir ons die Weg,
 sodat ons U mag vind en in U gevind mag word.
 U is ons enigste hoop, en ons ewige Vreugde.

Outeur: Israel Abrahams, gebaseer op Ibi Gabirol
--

Wanneer alles binne my donker is,
 en vriende van ouds my verlaat;
 wend ek my van hulle tot u, o Heer,
 en vind in u oë tere liefde.

Wanneer alles binne my donker is,
 en ek myself verag;
 draai ek weg van myself na u, o Heer,
 en vind daar tere liefde.

Wanneer u aangesig vir my donker is,
 en u regverdige toorn oor my kom;
 wend ek my steeds tot U, o Heer,
 en vind daar tere liefde.

Verwerk uit Johannes 21

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle

Liturg: God het jou honger versadig,
 jou verlange gestil,
 jou met goedheid gevoed
 en Hy wil van jou weet:
 Het jy My baie lief?

Gemeente: Here, U weet dat ek U liefhet.

Liturg: Laat my lammers wei!
 God het jou dors geles,
 jou kruike gevul
 met strome van genade
 en Hy wil van jou weet:
 Het jy My baie lief?

Gemeente: Here, U weet dat ek U liefhet.

Liturg: Pas my skape op!
 God is die Herder
 wat jou by die naam roep,
 wat voor jou uitgaan
 en jou op plekke bring
 waar jy nie wil wees nie
 en Hy wil van jou weet:
 Het jy My baie lief?

Gemeente: Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet.

Liturg: Laat my skape wei!

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle

Goeie Herder, dankie dat U omsien na al u skape
met die koninklike beleid
dat U soek en red
elkeen wat vertrap
en vergoed vermis is.
Dankie dat U aan almal
wat afgedwaal het
'n warm onthaal bied.
Dankie dat U self vir ons 'n weg berei
om te drink by die Bron van lewe.
Dankie dat U gesond maak
en ons lei na groen weivelde.
Dankie dat ons kan tuiskom in u huis,
dat die donker vir altyd verby is
en ons met nuwe moed kan leef.

Voorbidding

Outeur onbekend

Saam met mense wat vasgevang is in moeilike omstandighede, bid ons om bevryding.

Ons dink besonder aan: *(vul in met aktuele onderwerpe)*

Saam met mense in wie se basiese behoeftes na kos, klere en onderdak nie voorsien word nie, bid ons vir verligting.

Ons dink besonder aan: *(vul in met aktuele onderwerpe)*

Saam met mense in wie se emosionele behoeftes nie voorsien word nie, bid ons vir broers en susters wat sal omgee.

Ons dink besonder aan: *(vul in met aktuele onderwerpe)*

Saam met siekes en bid ons om genesing en innerlike vrede.

Ons dink in die besonder aan: *(vul in met aktuele onderwerpe)*

Saam met bedroefdes en treurendes bid ons vir 'n nuwe lied in die hart.

Ons dink in die besonder aan: *(vul in met aktuele onderwerpe)*

Saam met hulle wat na U soek en nie vind nie, ook hulle wat nie weet dat hulle U nodig het nie, bid ons dat U iemand sal stuur met die goeie nuus van die evangelie.

Ons dink besonder aan: *(vul in met aktuele onderwerpe)*

Ons bid:

Here, hoor

Here, vergewe.

Here, luister.

Here, gryp in.

Amen.

Outeur onbekend

Saam met gevangenes en verwerpene bid ons om vrylating.

Saam met siekes en gewondes bid ons om genesing.

Saam met die wat vergete is en verlate voel bid ons om erkenning.

Saam met die wat honger ly en die vlugteling bid ons om brood en onderdak.

Saam met verslaafdes bid ons vir oorwinning

Saam met bedroefdes en treurendes bid ons vir 'n nuwe lied in die hart.

Amen.

Eksamengebed**Outeur:** Cassie Carstens

Here, ek weet U dink anders oor die eksamen as my onderwysers wat wil hê ons skool moet presteer,

as my ouers wat wil hê my talente moet benut word,

as ek self wat met so min moeite moontlik so baie as moontlik uit die lewe wil kry.

Ek weet U is regverdig wanneer U sê dat gebrek 'n lui mens oorval sonder dat hy dit kan keer (Spr 24:34), en dat 'n mens maai wat jy saai (Gal 6:7).

Soms jaag 'n angstigheid my wat my herinner dat ek meer kon gedoen en beter kon voorberei het.

Ander kere jaag 'n benoudheid my wat fluister: 'n mens kry dikwels selfs minder as wat jy verdien.

Ek wil my bekommernisse na U toe bring, my Here.

Dankie dat U regverdigheid oortref word deur U onverdiende genade.

Dankie dat U liefde nie boekhou van die kwaad nie.

Dankie dat U arm nie te kort is om te help nie en dat U my uitnoui om my bekommernisse na U toe te bring sodat U vir my kan sorg.

Gee my ook in hierdie eksamen - soos met daaglikse brood - die aardse verlange na sukses, maar gee my veel meer, Here, gee my dit waarna my hart smag: Gee my Usself!

Amen

'n Gebed vir Skoliere**Outeur:** Johannes Calvyn (1509-1564)

O Here, U is die bron van alle wysheid en kennis. Dankie dat U vir my, terwyl ek nog jonk is, die kans gee om te leer hoe om 'n heilige en eerbare lewe te lei. Maak my verstand helder, sodat ek sal verstaan wat ek in die skool leer.

Here, U belof dat u wysheid en kennis sal gee aan dié wat aan U behoort en nederig en gehoorsaam voor U is; en U wil niks te doen hê met dié wat trots is en so baie van hulleself dink nie. Daarom vra ek, Here, dat U my sal help om nederig te bly, sodat ek sal kan aandag gee en leer. Dan sal ek ook gehoorsaam wees – aan U, en aan my onderwysers en my ouers.

Gee asseblief ook, Here, dat ek alle lelike gedagtes en begeertes opsy sal skuif. Ek wil graag net na U luister, en my voorberei om U eendag te dien op die plek waar U my wil gebruik.

Deernis en gebrokenheid**Outeur:** Henri Nouwen

Here God, ek bring nou al dié mense na U toe wat smag na liefdevolle en kreatiewe verhoudings, maar dit nie vind nie. Baie mense is alleen en eensaam en vind nie standhoudende vriendskap nie; baie getroude mense voel gefrustreerd in hul huwelike, en skei dan om elkeen sy eie pad te loop; baie kinders kan nie met hul ouers gesels oor dinge wat vir hulle belangrik is nie; en baie kinders het vreemd geword vir hulle ouers. Oral om my sien ek mense wat honger is vir liefde, en dit nie beleef nie.

O Here, kyk met deernis na ons, u skepsels, en gee asseblief vir ons u liefde – nie net as 'n abstrakte idee of konsep nie, maar as 'n lewende ervaring. Ons kan mekaar net liefhê omdat U ons eerste liefgehad het. Laat ons daardie eerste liefde ken, sodat ons alle menslike liefde kan sien as 'n weerspieëling van 'n groter liefde, 'n liefde sonder voorwaardes en beperkinge.

Maak asseblief daardie mense weer heel wat binnekant al so vreeslik seergekry het, wat verwerp voel, of voel dat hulle verkeerd verstaan is, of misbruik is. Wys vir hulle u helende liefde en help hulle op die pad van vergifnis en versoening.

Amen.

Outeur: William Barclay

O Here, U is ons toevlug.

As ons uitgeput raak deur die lewe se inspanning;
as ons stomgeslaan word deur die probleme van die lewe;
as ons verwond word deur die hartseer van ons bestaan op aarde;

Dan kom ons na U toe vir troos en bemoediging.

O Here, U is die bron van ons krag.

As die uitdagings bo ons kragte is
as die versoekings op ons pad te sterk vir ons word;
as ons roeping vra vir meer as wat ons kan gee

Dan kom ons na U toe vir krag.

O Here, U gee ons al die goeie dinge in die lewe.

Van U kom ons ideale en drome
Van U af kom die aansporing om sukses te behaal
Van U kom ons gewete
Van U kom die krag om enige versoeking te kan weerstaan,
en die aansporing om die goeie te doen uit dankbaarheid.

En nou, Here, as ons tot U bid...

Help ons om te glo in U oneindige liefde,
sodat ons seker sal wees dat U ons gebede hoor;
Help ons om te glo in U onmeetlike krag,
sodat ons seker sal wees dat wat U vir ons sal doen
meer is as wat ons kan vra of dink;
Help ons om te glo in U alwysheid
sodat ons seker sal wees dat U ons sal antwoord,
nie soos ons in ons onkunde van U vra nie,
maar soos U in U volmaakte wysheid weet die beste vir ons is.

Ons bid dit alles in die naam van Jesus Christus ons Here.

Amen.

Kyrie eleison**Outeur:** Broer Roger, Taizé (1915-)

Liturg: Ewige God, U seën elke volk op aarde, dink aan hulle wat ly onder geweld en verdeeldheid.

Almal: Here, ons bid tot u.

Liturg: Ewige God, deur u Seun Jesus Christus breek U die skeidingsmure tussen mense af: versoen ons in u liefde.

Vir alle gelowiges, openbaar U hoop aan hulle: laat U aangesig oor ons skyn.

Almal: Here, ons bid tot u.

Liturg: Vir die slagoffers van onreg en geweld; vir almal wat aan hul hulp verleen.

Almal: Here, ons bid tot u.

Liturg: Jesus, ons broer, U is naby almal wat ly - troos hulle met u Woord.

Here, ons bid dat u die weg van vryheid, vrede en geregtigheid vir die leiers van alle volke sal wys.

Gees van die lewende God, vernuwe u kerk, skenk aan ons 'n lente van versoening: lei ons deur u Woord.

Almal: Amen.

'n Gebed vir die regte houding teenoor ander**Outeur onbekend**

Liewe Here, neem alle bitterheid, haat, onverskilligheid en onbetrokkenheid teenoor andere uit ons harte weg. Help ons om sag met ander te wees, om werklik in hulle welsyn en geluk belang te stel. So het U, Here Jesus, ook in almal belanggestel, wou U almal help, en het U uitgereik na almal om U. U het nooit bitterheid, haat en onverskilligheid gevoel teenoor dié met wie U daaglik te doen gehad het nie. Liefde, ware liefde, onselfsugtige liefde, lankmoedige liefde het U altyd uitgestraal – dit was die toonbeeld van U lewe. Gee tog, o Heer, dat dit waar sal wees van ons almal, in al ons verhoudings en ons kontak met ander. Help ons om Jesus se sagte gees in ons hele lewe met ons saam te dra.

Amen.

'n Kersgebed vir alle mense**Outeur: Karl Barth (1886-1968)**

Here, ons God, ons word soms bang, maar gee dat ons nie sal wanhoop nie.

As ons teleurgesteld is, moenie dat ons bitter raak nie.

As ons val, moenie dat ons bly lê nie.

As niks meer sin maak nie en ons magteloos voel, moenie dat ons vergaan nie.

Nee, laat ons juis dan u nabyheid en u liefde aanvoel, wat U beloop het vir gebrokenes wat verslae voor U Woord kom staan.

U Seun het vir almal gekom wat só deur die lewe oorweldig voel.

Ja, juis omdat ons almal so oorrompel word, is Hy in 'n stal gebore en het Hy aan die kruis gesterf.

Here, laat ons hierdie dinge onthou en voortdurend bely.

En nou dink ons aan al die duisternis en lyding van ons tyd,

Aan al die laste wat so baie mense moet dra, sonder dat iemand hulle troos

Ons dink aan hulle wat siek is na liggaam of gees, die armes, die ontworteldes, die onderdruktes, die veronregtes, kinders wat geen ouers het nie of nie ouers het wat regtig omgee nie. ¹

En ons dink aan almal wat geroep is om ander te help ... die regters en owerhede, die onderwysers en jeugleiers, mense wat boeke en koerante skryf, dokters en verpleegsters in die hospitale, hulle wat u Woord in die onderskeie gemeentes naby en ver verkondig. Ons dink aan hulle almal met dié bede dat die lig van Kersfees helder vir hulle sal skyn én vir ons. Helderder as ooit tevore, sodat hulle en ons daardeur gehelp kan word.

Ons vra dit alles in die Naam van die Verlosser in Wie U ons reeds gehoor het en in Wie U ons weer en weer wil hoor.

Amen.

Gebed om vrede**Outeur: Thomas A. Patterson (1910-1991)**

Ons is moeg, Here

Uitgeput en verslae voor soveel geweld in ons land.

Ons wil kla en bitter raak.

Ons is jammer vir onself

En word hard teenoor die pyn van ander.

Nog 'n sterfte laat ons koud.

'n Weduwee se trane val onopgemerk.

Kinders erf hulle ouers se bitterheid.

Woorde van geweld ontplof in dae van geweld deur jong hande wat sinnelose pyn en vernietiging bring.

Here, wees ons genadig.

Lei ons tot verootmoediging sodat ons sal vergewe en vergewe word.

Amen.

¹ Die gebed kan met eie onderwerpe geaktualiseer word.

Voorbiddingsgebed**Outeur: Pavel Filipi**

Hemelse Vader

Deur u Seun het ons nou vrye toegang tot U. Daarom kom ons met vrymoedigheid in sy Naam en kom tree nou in

- vir hulle wat vertrou in u Woord verloor het en nie glo dat U in beheer van u skepping is nie
- vir hulle wat nie u heerlikheid sien nie as gevolg van hulle sonde
- vir hulle wie se lewens donker is weens siekte, omdat hulle ander moet versorg wat siek is, omdat hulle deur mense verlaat is óf omdat hulle onreg moet dra
- vir die wat honger is, lyding ervaar, vervolgd word of verlaat is en ook vir hulle wat honger en nood wil verlig en stry teen ongeregtigheid, siekte en oorlog.
- vir u kerk. Mag sy 'n duidelike teken wees van die hoop dat u Koninkryk kom.
- vir hulle wat oor ons aangestel is en verantwoordelik is om vrede en geregtigheid in die wêreld te vestig en te handhaaf.

Wees ons genadig.

Ons Vader, wat in die hemel is ...

Amen.

Oproep tot aanbidding**Outeur: Uniting Church in Australia**

Kom na ons, God van vrede.

Kom met u genesing en u versoenende krag.

Kom, sodat vrees verdryf kan word deur die liefde;

sodat wapens vervang kan word met vertrou;

sodat geweld vervang kan word met sagmoedigheid;

Kom na ons, God van vrede.

Kom na ons, God van geregtigheid.

Kom met u regverdige oordele én met u genade.

Kom, sodat ons die uitroep van die verdruktes in elke land mag hoor;

sodat ons die lyding van die armes in ons eie land mag sien;

sodat ons sal terugkeer na die weg van geregtigheid en medelye;

Kom na ons, God van geregtigheid.

Kom na ons, God van liefde.

kom met u grenslose sagtheid en goedheid.

Kom, sodat ons U sal sien in die mense van elke bevolkingsgroep en kultuur;

sodat ons U sal aanraak in die eensames, die wat hartseer is, die wat verwerp voel;

sodat ons 'n gemeente sal wees waar mense kan tuiskom omdat ons omgee.

Kom na ons, God van liefde.

Kom na ons, God van eenheid.

Kom genees ons met u vergifnis en genade.

Kom, en maak ons getuies van u versoening in ons verdeelde wêreld;

sodat ons rondom die tafel van Christus mag vergader as een volk van God;

sodat ons een kerk, een geloof, een Here kan bely;

Kom na ons, God van eenheid.

Kom na ons, God van hoop.
 Kom na ons met u beloftes,
 kom met u ontsagwekkende teenwoordigheid.
 Kom, sodat ons u getrouheid deur die geslagte heen kan bewonder,
 sodat ons die nuwe dinge wat U vandag onder ons doen kan vier;
 sodat ons u pelgrimsvolk kan wees op reis na u Koninkryk.
 Kom na ons, God van hoop.

Outeur: George Appleton

Liewe Heer, ek dank U
 vir al U skepsels so volmaak...
 groot olifante en renosters,
 snaakse diere soos die kameel en aap,
 vriendelikes – die hond en kat...
 die perd en os wat vir ons werk,
 sku kleintjies soos die eekhorning en die haas,
 en die koninklike leeu en tier,
 vir die voëls met hul lied.
 Liewe Heer, gee ons tog die liefde
 vir U skepping om ons heen,
 dat U liefde die vrees verdryf...
 en dat diere in die mens hul kameraad en vriend kan sien,
 deur Jesus Christus ons Heer.

Outeur: St Thomas More (1478-1535)
--

Here, daar is dinge waarvoor ons bid. Gee ons die genade om ook daarvoor te werk.

Outeur: Anoniem

Ons dank u, o Heer, vir die heiliges van alle eeue;
 vir hulle wat in die donker tye die vlam van die geloof helder laat brand het;
 vir die groot manne en vroue wat visioene van groter waarheid gesien het en gewaag het om daarvan te getuig;
 vir die menigte stil en waardige mense wie se teenwoordigheid die wêreld gereinig en geheilig het;
 en vir hulle vir wie ons lief is, wat van hierdie aardse gemeenskap na 'n oorvloediger gemeenskap met u oorgegaan het.

Outeur: Joodse Groot Versoendag

O Genadige God, wat dié wat arm is, antwoord,
 Antwoord ons.
 O Genadige God, wat dié wat bedruk is, antwoord,
 Antwoord ons.
 O Genadige God, wat dié met gebroke harte, antwoord,
 Antwoord ons.
 O Genadige God,
 Antwoord ons.
 O Genadige God,
 Wys u deernis met ons.
 O Genadige God,
 Verlos.
 O Genadige God,
 Red.
 O Genadige God, bewys u barmhartigheid,
 Nou,
 Gou,
 Baie gou.
 Amen.

Uit: BUVTON liturgiese voorstelle

God,
 U ken ons en U deurgrond ons,
 U weet wat ons swakhede en tekortkominge is,
 vir U hoef ons geen front voor te hou nie.
 Tot U kan ons bid:
 vir mense, arm en klein,
 vir almal wat geen stem het nie,
 vir mense na wie niemand luister nie,
 vir mense uitgerangeer deur die sisteem,
 vir mense wat gebuk gaan
 onder skuldgevoelens en angs,
 vir mense wat ly in 'n wêreld vol onreg, haat en pyn,
 dat hulle U sal ervaar as 'n God wat vergewing skenk en ruimte
 gee,
 'n God wat ook vir hulle 'n nuwe toekoms sal skenk.
 vir ons gemeente:
 vir die pas gedooptes,
 dat hulle mag lewe in 'n wêreld wat u liefde ken,
 vir die pasgetroudes,
 dat hulle mekaar nooit in die steek sal laat nie,
 vir die ernstig siekes,
 dat hulle getroos sal word en ander tot troos sal wees.
 God,
 U wat barmhartig en vergewensgesind is,
 U wat ons 'n nuwe kans gee,
 luister na ons gebede.
 In die Naam van u Seun Jesus Christus. Amen.



Wegsending

Outeur: Augustinus

Waai deur my, o Heilige Gees, sodat my gedagtes heilig mag wees.
 Handel in my, o Heilige Gees, sodat my werk ook heilig mag wees.
 Trek my hart na aan U, o Heilige Gees, sodat ek sal liefhê wat heilig is.
 Gee my krag, o Heilige Gees, sodat ek sal beskerm wat heilig is.
 Bewaar my, o Heilige Gees, sodat ek altyd heilig mag wees.
 Amen.

Outeur: Franciskus van Assisi

Here, maak my 'n instrument van U vrede.
 Waar daar haat is, laat my liefde saai;
 waar daar onreg is, vergifnis;
 waar daar twyfel is, geloof;
 waar daar wanhoop is, hoop;
 waar daar duisternis is, lig;
 waar daar droefheid is, vreugde.

O, Goddelike Meester, gee dat ek nie soseer sal soek
 om getroos te word nie as om te troos;
 om verstaan te word nie as om te verstaan;
 om bemin te word nie as om lief te hê.
 Want dit is deur te gee dat ons ontvang;
 dit is deur te vergewe dat ons vergewe word;
 en dit is deur te sterwe dat ons tot die Ewige Lewe gebore word.

Gebed vir die Christelike lewe

Outeur: United Church of Canada

O Here, dink aan u beloftes en vervul dit in ons lewens:
 waar ons swak is, gee krag
 waar ons verward is, gee leiding
 waar ons ontsteld is, gee troos
 waar ons dood was, bring lewe
 Weg van U af, o Here, is ons niks.
 In en met U, kan ons alle dinge doen.
 Amen.

Outeur: Onbekend – 10de eeu

Mag die Here Jesus Christus by jou wees om jou te beskerm;
binne-in jou wees om jou te verfris;
rondom jou wees om jou te bewaar;
voor jou wees om jou te lei;
agter jou wees om jou te regverdig;
bo jou wees om jou te seën.
Hy wat saam met die Vader en die Heilige Gees
leef en regeer – God vir ewig en altyd.

Outeur: William Temple (1881-1944)

Mag die liefde van die Here Jesus ons na Hom toe trek;
Mag die krag van die Here Jesus ons sterk maak in sy diens;
Mag die vreugde van die Here Jesus ons vervul.
Mag die seën van die almagtige God, die Vader, Seun en Heilige Gees, tussen ons wees en vir altyd
bly.

Outeur: Seënbede uit die 15de eeu

Here, verlig my verstand en my interpretasie;
Here, verlig my oë en die manier waarop ek kyk;
Here, verlig my mond en my woorde;
Here, verlig my hart en dit wat ek bedink;
Here, wees met my waar ek nou hiervandaan vertrek. Amen.

Uit: Ps 67

Mag God ons genadig wees en ons seën;
mag Hy tot ons redding verskyn
sodat sy dade oor die wêreld heen bekend mag word,
sy reddende krag onder alle nasies. (Ps. 67:2,3)

Outeur onbekend

God die Vader sal u altyd liefhê,
God die Seun sal u altyd genadig wees,
God die Heilige Gees sal u altyd vertrous en u in sy Waarheid lei.
Amen.

Outeur: Vroeë Kerk

Die Here is voor jou om die pad gelyk te maak.
 Die Here is langs jou om jou in sy arms toe te vou.
 Die Here is agter jou om die aanvalle van die Bose af te slaan.
 Die Here is onder jou om jou dra as jy mag val.
 Die Here is rondom jou om jou te beskerm.
 Die Here is bokant jou om jou te seën.
 Die Here is binne jou om jou te lei met sy Heilige Gees.
 Die Here is vir jou, want Jesus pleit vir jou.
 Die drie-enige God is by jou, van nou af tot in ewigheid.

Amen.

Outeur: Patricius (390 - 461)

DIE BORSHARNAS

EK BEWAPEN MY VANDAG

Met die Almag van God om my vas te hou en my te lei:
 Sy oog om oor my te waak en Sy krag om my te beskerm;
 Sy oor om te luister na my noodgeroep;
 Die wysheid van my God om my te onderrig:
 Sy hand om vir my rigting aan te dui;
 Sy skild om my te beveilig;
 Die Woord van God om aan my spraak te gee:
 Sy hemelse leërskaer om oor my te waak.
 Christus wees met my, Christus wees in my,
 Christus wees agter my, Christus wees voor my,
 Christus wees langs my.
 Christus om my te vertrou en te versterk;
 Christus om my te oorwin;
 Christus onder my, Christus bo my;
 Christus in die stilte, Christus in gevaar;
 Christus as getuie teenoor vriend en vreemdeling.

EK BEKRAGTIG MY MET DIE NAAM.

Die kragtige Naam van die Drie-enige;
 Ek roep u aan,
 Die Drie-In-Een, die Een-In-Drie,
 Skepper van die ganse natuur.
 Ewige Vader, Gees, Woord.
LOOF DIE HERE VAN MY VERLOSSING.
VERLOSSING IS ALLEEN VAN CHRISTUS, DIE HERE!

Dagwyding

Outeur: Johannes Calvyn (1509-1564)

Oggendgebed

My God, my Vader en my Verlosser, deur u genade het u my deur hierdie nag bewaar en beleef ek 'n nuwe dag. Gee dat ek dit heeltemal in u diens sal gebruik: dat alles wat ek dink, sê of doen vir U vreugde sal verskaf, en dat ek aan U gehoorsaam sal wees. Gee dat alles wat ek doen tot u eer sal wees, en opbouend sal wees vir die mense om my.

En Here, net soos die son vandag die wêreld om my verlig, bid ek dat u Heilige Gees ook my gedagtes sal verlig en my sal lei op die pad wat U wil hê ek moet volg. Daarom bid ek dat ek, in alles wat ek vandag doen, altyd sal probeer om u te eer en te dien. Ek wil net op U staatmaak; ek wil net dié dinge doen wat U sal bly maak.

O Vader, ek vra ook dat, terwyl ek vandag werk om in my daaglikse behoeftes te voorsien, ek voortdurend sal uitreik na die hemelse lewe wat U vir u kinders beloof het. En omdat 'n ywerige begin maar min werd is as 'n mens dit nie kan volhou nie, smee ek U om my voortdurend te lei – nie net vandag nie, maar dwarsdeur my lewe. Ek vra U om elke dag u genade in my meer en meer te maak, totdat ek uiteindelik in volle harmonie leef met u Seun, Jesus Christus, wat vir ons die ware Son is wat dag en nag sal skyn – vir altyd.

Amen.

Outeur: Johannes Calvyn (1509-1564)

Aandgebed

Here, my God, U het die nag gemaak vir die mens om in te rus ... net soos wat U die dag vir hom geskep het om sy werk te doen ... daarom smee ek U nou om my liggaam 'n rustige nag te skenk ... Net so vra ek U ook om my siel te verkwik met U teenwoordigheid en dat my hart altyd geul sal wees met U liefde.

Leer my, O Heer, om al my sorge aan u oor te gee ... en om deurentyd bewus te bly van U genade, sodat my gees ook in U rus mag vind. Laat my nie onnodig lank slaap nie, maar net genoeg sodat my kragte herstel kan word en ek meer gereed sal wees om U te dien. Mag dit U ook behaag om my rein te hou - in liggaam en gees, en bewaar my tog van alle versoekinge en gevaar, sodat ook my rus sal bydra tot die verheerliking van U Naam.

En aangesien hierdie dag nie verbygegaan het sonder dat ek U op vele maniere te na gekom het nie - wil ek, gebroke sondaar, van U vra: Gee tog, o Here, dat net soos wat U alle dinge in die skadu van die nag versteek, U ook al my sondes sal verberg in U genade, deur Jesus Christus my Verlosser. AMEN

Outeur: Reinhold Niebuhr (1892-1971)

Hemelse Vader, help ons om ons werk vandag só te doen, dat ons ons nie daarvoor sal hoef te skaam nie. Gee ons 'n gees van eerlikheid en opregtheid in ons soeke na die waarheid, 'n gees van mededeelsaamheid in ons onderlinge verhoudings, 'n blymoedige Gees, moed en kalmte van gees om ons take en verantwoordelikhede na te kom.

Outeur: John Baillie (1886-1960)

Leer my, Here, om al my lewensomstandighede vandag só te benut dat die vrug heilig sal wees en nie sondig nie.

Leer my om teleurstellings te omskep in geduld.

Leer my om sukses te omskep in dankbaarheid.

Leer my om onsekerhede te omskep in volharding.

Leer my om gevaar te omskep in moed.

Leer my om kritiek te omskep in geestelike groei.

Leer my om komplimente te omskep in nederigheid.

Leer my om versoekings te omskep in selfbeheersing.

Leer my om pyn te omskep in volharding.

Outeur: Moeder Theresa

Liewe Heer, gee dat ek U vandag en elke dag sal raaksien in die siekes, sodat ek U sal dien, terwyl ek hulle versorg. Al verskuil U Uself soms agter die onaantreklike masker van iemand wat irriterend is, puntenerig is, onredelik is. Laat ek U nog steeds herken en sê: “Jesus, my pasiënt, hoe wonderlik is dit om U te kan dien”.

Here, gee my geloof wat verder kan sien, want dan sal my werk nooit eentonig wees nie. Ek sal altyd vreugde daarin vind om die giere en wense van alle lydendes te vervul. Geliefde sieke, jy is dubbeld kosbaar vir my, as jy Christus vir my verpersoonlik; en wat ‘n voorreg is dit nie vir my om jou te mag versorg nie.

Dierbare Here, gee dat ek die waardigheid van my hoë roeping sal waardeer, met al sy verantwoordelikhede. Moet my nooit toelaat om dit oneer aan te doen deur toe te gee aan kilheid, onvriendelikheid of ongeduld nie. En, Jesus, terwyl u my pasiënt is, wees tog ook vir my ‘n geduldige Jesus wat my foute verduur en kyk na my bedoeling om u lief te hê en te dien in die persoon van elke sieke. Here, vergroot my geloof, seën my pogings en werk, nou en vir altyd.

Outeur: Dietrich Bonhoeffer – terwyl hy op teregstelling wag

O God, ek roep na U vroeg in die môre.

Help my om te bid en om my gedagtes op U te rig:

Ek kan dit nie alleen doen nie.

Daar is duisternis in my,

maar by U is daar lig;

ek is alleen, maar U verlaat my nie;

ek is broos, maar by U is daar hulp;

ek is rusteloos, maar U gee my vrede;

ek is vol bitterheid, maar by vind ek berusting;

ek verstaan nie U weë nie, maar U ken my pad...

Maak my vry,

en gee dat ek so sal lewe

dat ek kan rekenskap gee aan U en myself.

Here, mag U naam verheerlik word,

wat hierdie dag ook al mag inhou.

Outeur: Taize Gemeenskap – Middag Gebed
--

O Christus, U word voortdurend in die hemel en op aarde aanbid, te alle tye te alle ure;
U is geduldig, deernisvol en sagmoedig;
U het die regverdige lief, U is genadig teenoor sondaars
en U roep alle mense tot redding met die belofte van u seëninge;
Ontvang nou, in die middel van hierdie dag, ons gebed en laat ons lewe volgens u wil;
reinig ons na siel en liggaam,
orden ons gedagtes,
en gee ons oorwinning in versoekings, teleurstellings en hartseer;
beskerm ons en seën ons,
sodat ons tot die eenheid van geloof en kennis van u heerlijkheid kan kom,
want u leef en regeer met die Vader en die Heilige Gees,
nou en vir altyd.

Spesiale geleenthede

Outeur: Arnold van der Westhuizen
--

Formulier vir die openbare belydenis van geloof (aangepas)

Toe jy gedoop is, het jou ouers voor die Here 'n gelofte gemaak, dat hulle jou geestelik sal begelei sodat jy die Here sal leer ken en dat jy uiteindelik self ook 'n keuse sal maak vir Jesus Christus as Verlosser. Die feit dat jy vandag hier is om belydenis van geloof af te lê beteken dat jy daardie keuse gemaak het - en dat jy self nou "JA" antwoord op die belofte wat jou ouers by jou doop gemaak het.

Om belydenis af te lê beteken dat ek voor die gemeente sê wat ek in my hart glo - en dit is dat Jesus Christus die Here is - ook die Here van my lewe. As ek belydenis aflê, sê ek ook dat ek alleen op Jesus sal vertrou, dat ek graag wil lewe volgens Sy Woord en dat ek aktief by die kerk betrokke wil wees. Ek sê ook dat ek getrou sal bid en die Bybel sal lees en dat ek uit dankbaarheid vir God wil lewe - oral waar ek kom of gaan.

Met my belydenis sê ek ook dat ek daarna sal strewen om geestelik te groei - en daarom wil ek ook betrokke wees by die gemeente en aksies van die gemeente waar ek my geloof prakties kan utoeef.

Deur die jare in die katechesis het jy 'n sekere kennis oor God, die Bybel en die kerk verwerf. Vandag sê jy dat hierdie kennis nie net 'n verstandelike instemming is nie, maar dat jy persoonlik ook jou geloofsvertroue in Jesus Christus stel. Die kerkraad wil daarom graag vir jou die geleentheid gee, om in die erediens - voor God en die gemeente - hiervan te getuig met jou belydenis van geloof.

Luister nou mooi na die volgende vrae en antwoord opreg daarop:

- 1 In die Bybel leer ons dat ons mense sonder is. Maar die Bybel leer ook vir ons dat ons van hierdie sonde verlos kan word, deur ons geloof in Jesus Christus en dat ons dan nuwe mense is. Glo jy dat die Bybel die waarheid is, en dat Jesus Christus die enigste Verlosser is waardeur ons die nuwe lewe kan kry?
- 2 Beloof jy om, deur God se genade, vir die res van jou lewe getrou te wees aan die belydenis wat jy vandag aflê? En sal jy alle leringe wat nie met die Bybel ooreenstem nie, verwerp?
- 3 Het jy vir Jesus Christus gekies as jou persoonlike Verlosser, en het jy Hom lief? Beloof jy om Hom te dien en om nie skaam te wees om dit voor ander mense te sê nie? Beloof jy om deel te neem aan die werksaamhede van die kerk - sodat jou eie geloof nie net sal groei nie, maar jy ook Christus se liefde met ander kan deel?
- 4 Onderneem jy, saam met die ander gelowiges van die gemeente, om vir mekaar om te gee en te sorg en so ook te help dat ons die eer van die Here sal beskerm?

Laat elkeen afsonderlik, hardop hierop antwoord.

Die groep kan die TWAALF ARTIKELS hardop saam sê.

God sluit 'n genadeverbond met elkeen van ons - Hy verseël dit by ons doop. En nou het julle dit ook bely. Daarom verklaar ek nou dat julle belydende lidmate van die NG Gemeente N is.

Liewe jongmense, julle moet alles in julle vermoë doen om die wedloop van die lewe en die geloof voluit te kan hardloop, sodat julle die ewige lewe as prys kan verkry.

Liewe gemeente, ontvang hierdie jongmense as deel van die gemeente - sien om na hulle, sorg vir hulle, bid vir hulle. Moedig hulle aan en leef in liefde met hulle saam - sodat God se Naam verheerlik word en Jesus se liefde uitgedra word. Julle is lede van die liggaam van Christus - verheerlik Hom deur julle lewens as heilige offers vir Hom te gee.

GEBED

Oorhandig aandenkingskaartjies aan die nuwe lidmate

Inrigting van die openbare belydenis van geloof

1. Soos die kinders se name een vir een uitgeroep word, staan hulle op waar hulle saam met hulle ouers verspreid in die kerkgebou sit. Een van die ouers of die voog staan saam met die kind op en kom saam na vore.
 - a. omdat baie kinders uit enkelouer-huis of geskeide huise kom, is dit veiliger om te vra dat net een ouer die gesin verteenwoordig.
 - b. die ouer kom saam as 'n simbool dat die kind aan die Here toegewy word en dat die ouer antwoord op die belofte wat hy/sy by die doop aangaande die kind gemaak het.
 - c. die ouer maak hiermee ook 'n eie hertoewyding - dat hy/sy so voor sy/haar kind en die wêreld gelewe het en sal lewe dat almal in sy/haar lewe sal sien dat die Here leef.
2. Wanneer die kind en ouer voorkom, druk die kind sy/haar hand in die doopvont wat voor staan en met water gevul is. By die kind se doop het die Here belowe dat Hy die kind se God wil wees. Die kind onthou hierdie genade-aanbod van God deur aan die doopwater te raak en antwoord daarmee deur as't te ware te sê: "Ja, Here, ek wil u kind wees".
3. Die ouer steek dan 'n kers aan vir die kind.
 - a. daar staan genoeg kerse gereed dat daar een is vir elke kind wat belydenis van geloof sal aflê.
 - b. die aansteek van die kers simboliseer dat die ouer die kind toewens dat die lig van die Here in sy/haar lewe sal bly skyn sodat hy/sy ook self lig in die wêreld sal wees.
 - c. die ouer neem dan weer sy/haar plek in en die kind bly voor op die aangewese plek saam met die ander kinders staan.
4. Die kinders antwoord individueel op die vrae van die formulier.
5. Die groep kan saam 'n lied vir die gemeente sing.
6. Die gemeente kan 'n lied vir hulle toesing.
7. Die kinders gaan sit weer by hulle gesinne waar hulle saam met die gemeente die nagmaal gebruik.
 - a. Alternatiewelik kan die kinders in 'n groep voor sit en tydens die gebruik van die nagmaal in klein groepe na vore kom om aan die nagmaalstafel te kom sit en die tekens persoonlik van die liturg te ontvang.
 - b. Die groep kan ook 'n gewone lopende kommunie hê en die tekens voor ontvang sonder om aan te sit by die tafel.

Outeur: Breda Ludik, Johan van der Merwe

Huweliksdiens

Ouers gee bruid af

Troumars/ander musiek. Bruidegom wag voor die kansel.

Ma van die bruid en ouers van die bruidegom sluit aan by bruid en pa voor die kansel.

Vraag aan bruid se ouers: *“Ons is hier bymekaar vir die huweliksbevestiging van AB en CD.*

Meneer en mevrou D, gee julle nou julle dogter, CD, om in die huwelik bevestig te word met AB?”

Antwoord: *“Ja.”*

Vraag aan bruidegom se ouers: *“Meneer en mevrou B, gee julle nou julle seun, AB, om in die huwelik bevestig te word met CD?”* Antwoord: *“Ja.”*

Liturg: *“Dit is goed in die oë van die Here, wat man en vrou vir mekaar gemaak het en saamvoeg om een vlees te wees. Gee hulle dan nou aan mekaar sodat die huwelik bevestig kan word.”*

Ouers van die bruid haal sluier af, gee handdruk aan bruidegom en gaan sit.

Ouers van die bruidegom soen die bruid en gaan sit.

Huweliksformulier

AB en CD

God gee mense aan mekaar. Deur julle vandag hier aan te meld om voor God trou te beloop aan mekaar, getuig julle dat dit Hy is wat julle by mekaar uitbring het. Daarom is dit reg dat julle hierdie beloftes voor Hom kom maak en dat julle ons ingeroep het as getuies. Ontvang dan nou mekaar met vreugde as gawes van God. Hy het die huwelik ingestel, reeds van die begin af. Hy het julle vir mekaar bedoel.

Wanneer God julle nou saamvoeg as man en vrou is dit 'n teken van sy sorg en goedgesindheid teenoor ons. Hy verryk daardeur julle beide se lewens. Hy seën julle met mekaar se gawes, kameraadskap, ondersteuning en liefde. Wanneer 'n huwelik gebou word op al hierdie dinge wat God 'n huwelikspaar gee, is dit ook 'n seën vir almal wat met hulle in aanraking kom.

Ons almal wat vandag hier bymekaargekom het is saam met julle bly. Ons vier God se goedheid vandag saam met julle. Ons, julle familie en vriende, wil julle vandag kom aanmoedig in julle voorneme om julle verhouding met mekaar te bou op julle verhouding met God. Ons gebed vir julle is dat julle saam alles sal beleef wat God vir julle huwelik bedoel.

Huweliksverbinding

AB en CD, aanvaar julle alles wat die Here vir ons in sy Woord oor die huwelik leer? Is dit die basis waarop julle jul huwelik wil bou? En wil julle met die seën van die Here in die eg verbind word? Wat is julle antwoord hierop?

Antwoord: Ja

Eerste moontlikheid:

AB, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruid, CD, is nie? Aanvaar jy almal wat hier teenwoordig is as getuies dat jy haar tot jou wettige vrou neem?

Beloof jy dat jy haar nooit sal verlaat nie, dat jy haar in liefde en trou sal lei en beskerm soos 'n gelowige man aan sy vrou verskuldig is?

Antwoord: Ja

Belowe dan hardop: “Voor God en sy gemeente/ beloof ek liefde en trou/ vir altyd en in alle omstandighede/ aan my bruid, CD.

CD, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruidegom, AB is nie? Aanvaar jy almal wat hier teenwoordig is as getuies dat jy hom tot jou wettige man neem?

Beloof jy dat jy hom nooit sal verlaat nie, dat jy hom in liefde sal eerbiedig en help, soos 'n gelowige vrou aan haar man verskuldig is?

Antwoord: Ja

Belowe dan hardop: “Voor God en sy gemeente/ beloof ek liefde en trou/ vir altyd en in alle omstandighede/ aan my bruidegom, AB.

Tweede moontlikheid:

AB, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruid, CD, is nie? Aanvaar jy almal wat hier teenwoordig is as getuies dat jy haar tot jou wettige vrou neem?

Beloof jy dat jy haar nooit sal verlaat nie, dat jy haar in liefde en trou sal lei en beskerm soos 'n gelowige man aan sy vrou verskuldig is?

Antwoord: Ja

CD, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruidegom, AB is nie? Aanvaar jy almal wat hier teenwoordig is as getuies dat jy hom tot jou wettige man neem?

Beloof jy dat jy hom nooit sal verlaat nie, dat jy hom in liefde sal eerbiedig en help, soos 'n gelowige vrou aan haar man verskuldig is?

Antwoord: Ja

Gee aan mekaar die regterhand.

Hiermee verklaar ek dat AB en CD wettig getroud is. Gee aan mekaar die ring(e) as teken van julle liefde en eenheid as man en vrou.

Inseëningsgebed

Staande. Hou hulle hande vas.

Aansteek van die huwelikskers

Die bedoeling is om op 'n simboliese manier uitdrukking te gee aan die bruidspaar se samevoeging tot "een vlees".

Dit gebeur sonder enige (of te veel) verduideliking, sodat die (duidelike) simboliek beter kan tuiskom. Daar word drie kerse voor in die liturgiese ruim geplaas. Die middelste kers is, verkieslik, groter as die ander twee. Slegs die twee kerse aan die kante brand van voor die diens af al. Wanneer die inseëningsgebed gedoen is, kom die bruidspaar die paar tree vorentoe en elkeen neem een van die twee brandende kerse. Hulle steek daarmee die middelste kers aan die brand, plaas die kerse weer terug op hulle plekke, en tree weer terug. Die twee kleiner kerse word nie doodgeblaas nie, omdat hulle as twee individue bly voortbestaan - daar het nou egter iets aangrypends bygekóm: 'n nuwe eenheid in Christus, 'n "ons".

Drink van die beker van die lewe

Hierdie simboliese handeling is 'n alternatief op die aansteek van die huweliksers.

Daar word vooraf 'n silwerbeker met wyn op 'n tafeltjie voor die kansel geplaas. Net na die inseëningsgebed word die volgende kort verduideliking aangebied: *"Wyn is in die Bybel 'n simbool van lewe - ware lewe; die soort wat God skenk. AB en CD, julle gaan van nou af saam drink uit die beker wat God vir julle skink. Neem die beker en weet dat God julle lewens saamgevoeg het."* Die liturg neem die beker en gee dit vir die egpaar, wat elkeen, om die beurt, 'n sluk daaruit neem.

Aswoensdag Stilworddiens**Outeur: Johan van der Merwe**

Vandag is Aswoensdag – die begin van die veertig dae lydenstyd. Lydenstyd is 'n tyd vir selfondersoek, skuldbelydenis, vas, gebed en diens aan ander. Dit is 'n tyd om nóg meer as gewoonlik die Woord van God te lees en te oordink. Deur dit alles berei ons ons voor vir die Paasfees, wat die hoogtepunt van die kerklike jaar is. Die gebruik met Aswoensdag is in die kerk se geskiedenis dat die palmtakke van die vorige jaar se Palmsondag verbrand word, met olyfolie gemeng word en dan in die vorm van 'n kruis op die voorhoof gevorm word met die gepaardgaande woorde: "Mens, dink daaraan dat jy stof is en tot stof sal terugkeer".

As is nie net 'n teken van ons verganklikheid nie, maar ook van boetedoening (die gebruik om as op die hoof te strooi is mos 'n teken van berou in die Bybel). Hierdie stilword is dan ook juis 'n geleentheid vir boetedoening en verootmoediging met die oog op die lydenstyd wat voorlê.

Sang

1. Jesus, o dink aan my
2. Kom en vul ons met u vrede

Gebed

Here, maak van my 'n pelgrim in hierdie veertig dae.

Dissiplineer my tot dissipelskap.

Laat hierdie geestelike vastyd vir my lei tot 'n geestelike feestyd.

Suiwer my in hierdie tyd van my selfsug en my bekommernisse, sodat ek ander voluit kan dien.

Amen.

Lees Joël 2:12-17

Dink in stilte oor hierdie skrifgedeelte na.

Lees Ps. 51:3-17

In stilte: Dink aan drie dinge die afgelope tyd waaroor u regtig jammer is.

Vra God se vergifnis daarvoor.

Aanvaar God se vergifnis daarvoor.

Aanvaar dat Hy jou liefhet.

Lees Jes. 58:1-12

In stilte: Vas is nie 'n werk met meriete voor God nie. Dit is wel 'n hulpmiddel om te fokus op God, dit wil sê iets wat ons in 'n posisie plaas om méér met God besig te wees en dáárin geseën te word. Besluit nou om hierdie lydenstyd iets op te gee wat u daagliks sal herinner dat hierdie 'n tyd van verootmoediging is. (Voorbeelde is koffie, sjokolade, een ete per dag of week, TV).

Dink ook nou aan iemand spesifiek wat in 'n bepaalde vorm van nood verkeer. Besluit om daardie persoon in hierdie lydenstyd spesiaal by te staan.

Riglyne vir die vastyd : Matt 6:1-6, 16-21

Gebed

Here, mense ly om my, maar ek voel nie saam met hulle lyding nie.

Almal: Here, wees my genadig!

Here, ek verontskuldig myself maklik en ken nie my sonde nie.

Almal: Here, wees my genadig!

Here, ek leef vir my eie belange.

Almal: Here, wees my genadig!

Here, ek vergewe nie ander nie en betoon nie genade nie.

Almal: Here, wees my genadig!

Here, ek wil so graag beter wees as ander.

Almal: Here, wees my genadig!

Here, ek is so dikwels te gejaag en te moeg om vir ander om te gee.

Almal: Here, wees my genadig!

Here, ek luister nie in liefde na ander nie.

Almal: Here, wees my genadig!

Here, my motiewe is dikwels so liefdeloos en my agenda so versteek.

Almal: Here, wees my genadig!

Amen.

'n Gebed uit die tradisie

Gebed van Synesius van Cirene uit die vierde eeu n.C. - p. 25 van die gebedeboek

Kom na vore en ontvang die kruisie van as op u handpalm

“Dink daaraan dat u sterflik is en sondig is.

Maar dink ook daaraan dat Jesus in u plek gesterf het en tot sondaar gemaak is.

Dink daaraan dat u aan God behoort.”

Gebed

Here, hier voor u aangesig besef ek: alles wat leef, vergaan.

Ek erken dat ek ook stof is en tot stof sal terugkeer.

Maar uit stof kan u 'n nuwe wêreld skep.

Laat die as wat ek nou op my handpalm gaan plaas dan vir my 'n teken wees nie net van my verganklikheid nie, maar van die nuwe wat sal kom.

Amen.

Sing Ges 120:1,4,6

Verlaat die kerk in stilte

Bibliografie

1. Appleton, G.A. 1988. *The Oxford Book of Prayer*. Oxford: Oxford University Press
2. Baker, J.R. et al (eds.) 1990. *A Lent Sourcebook: The Forty days*. Chicago: Liturgy Training Publications.
3. BUVTON, *Preekstudies en Liturgiese voorstelle*.
4. Foster, R. 1994. *Prayers from the heart*. London: Hodder & Stoughton.
5. Rice, H.L. en L. Williamson (eds.) 1998. *A Book of Reformed Prayers*. Louisville: Westminster Knox.

Indeks volgens die Kerkjaar en spesiale geleenthede

Advent.....	8, 14, 42, 45, 70, 82
Begrafnis	41, 84
Belydenisaflegging.....	26, 92, 94
Ekologie	29, 56, 68, 84
Goeie Vrydag	29
Hemelvaart.....	75
Huwelik.....	95
Kinderdiens	75, 84
Koninkrykstyf.....	14
Lydenstyf.....	5, 25
Aswoensdag	98
Goeie Vrydag	31
Palmsondag	11
Omgewingsondag.....	<i>Sien Ekologie</i>
Oujaarsdiens	43
Paastyf	5, 12, 14, 46, 69, 71
Pinkstertyf	5, 6, 27, 86
Skoliere	79
Uitstuur van sendelinge.....	65, 66, 73